# Briewe van Troos

## Die Briewe van Petrus



Louis Nel

# Briewe van Troos

## Die Briewe van Petrus

# Louis Nel

### Januarie 2023

Mosbolletjie
Boeke

 Terug na Inhoud

# Inhoud


Voorwoord

**Deel 1 - Troos in die Verdrukking - 1 Petrus**

1 Troos in die Verdrukking

2 Goud

3 Koningskind

4 Vreemdelinge

5 Vurige Broederliefde

6 Moedersmelk

7 Stene en Mure

8 Vreemdeling

9 Gee Eer Aan Die Keiser

10 In Sy Voetspore

11 Jou Huweliksmaat

12 Lewensvreugde

13 Vergelding?

14 Spoke en Goeters

15 Lydingsvreugde

16 Die Einde Is Naby!

17 In die Nuus

18 Die Brullende Leeu

## Deel 2 - Petrus se Testament - 2 Petrus

19 Die Testamant

20 Quo Vadis?

21 Geskenke!
22 Een met God
23 Voer jou Geloof
24 Geblindoek deur die Lewe
25 Laaste Versugting
26 Die Lewende Woord van God
27 Ware Vryheid
28 Om te Wag.....
29 Die Einde?

# Voorwoord

Tye was bitter moeilik - Nero was keiser van die Romeinse Ryk, en die Christene is wreed vervolg. Te midde van dit alles is Petrus in

Rome. Hy besef baie goed deur watter harde tye sy medegelowiges gaan, en dan skryf hy aan hulle twee briewe om hulle te versterk en te vertroos. Die laaste brief is geskryf kort voordat hy sélf deur Nero om die lewe gebring is, en volgens oorlewering, op sy eie versoek onderstebo gekruisig is.

Vandag leef ons self ook in baie moeilike tye. Talle mense leef in die grootste armoede denkbaar. Inderdaad is ons in Suid-Afrika baie bevoorreg om steeds Godsdiensvryheid te kan geniet, maar vir miljoene ander gelowiges is dit slegs iets

waarvan hulle kan droom. Talle gelowiges word vandag gemartel en wreed vervolg vir hulle geloof.

Petrus skryf vir elke gelowige wat swaarkry ken, en hy herinner ons aan die troos wat alleen God kan gee. Terselfdertyd leer hy ons ook hoe om geestelik te kan groei om sterk te kan staan wanneer die verdrukking ons tref.

Louis Nel

 **Terug na Inhoud**

# Deel 1

# Troos in die Verdrukking

# 1 Petrus

# 1

## Donderdag 10 November

## **Troos in Verdrukking**

## **1 Petrus 1:1,2**

(Die 2020 vertaling word deurgaans gebruik)

**VIDEO * OUDIO**

Vir die gelowiges was dit bitter moeilik. Almal het teen hulle gediskrimineer en hulle verstoot. Baie gelowiges was só verpletter deur die samelewing waarin hulle gewoon het, dat hulle moed verloor het. Inderdaad was hulle letterlik vreemdelinge in hulle eie land. Sommige plekke

was boonop geteister deur bloedige oorloë en mense het hulle lewens as Christen-gelowiges op ‘n baie negatiewe manier beleef. Sommige wou uiteindelik die reg in eie hande neem en dan het dit gebeur dat hulle onbesonne dinge aangevang het!

Dis die jaar 65nC. ‘n Duisend kilometer wes van Asië, in die bose stad Babilon is Petrus besig om ‘n brief te skryf om mense in die verdrukking te bemoedig. Ja, jy’t reg geraai, “Babilon” is eintlik Rome!

Petrus skryf hierdie brief aan die “vreemdelinge van die

Diaspora,” ‘n term waarmee Jode verwys het na hulle volksgenote wat oor baie lande buite Palestina “verstrooi” was. Sy lesers was dus uitverkorenes van God oftewel gelowiges. Hulle was “vreemdelinge” want meeste was uitlanders sonder enige politieke status. Hulle was soos bywoners met slegs beperkte verblyfreg en niks meer nie. Die ergste was egter dat hulle ook geestelik vreemdelinge was in ‘n land waar afgode aanbid was.

Ons moet onthou dat die aanbidding van allerhande

gode die algemene praktyk was. Almal het daaraan deelgeneem, en as jy nie deel was van die hoofstroom nie, het jy nie getel nie!

Die Joodse geloof was wel erken, maar toe hierdie nuwe "splintergroep" van die Joodse geloof, wat iets heeltemal anders propageer, sy kop begin uitsteek, het almal hulle wenkbroue gelig. Die Jode het hulle totaal verwerp, want hulle was "sektaries" en die ander heidene wou hulle nie aanvaar nie want hulle was "koekoes"! Aanvanklik was hulle nie juis vervolg nie, maar later het

mense soos Nero begin om die Christene wreed te vervolg. Daar was egter reg van die begin af baie hard teenoor hulle gediskrimineer deur die Jode, Romeinse owerhede en selfs hulle eie huisgenote!

In Handelinge lees ons duidelik die haatlike venyn wat die Jode teenoor die Christene gehad het. Herhaaldelik was gelowiges uit dorpe gejaag en soms selfs onder klippe gesteek. Selfs Paulus was eenmaal so erg gestenig dat almal gedink het dat hy dood was. Die Jode het ook gereeld die Romeinse owerhede teen

die Christene opgesweep, gewoonlik met vals beskuldigings.

Dit was egter in die gewone huishouding waar die grootste verontregting plaasgevind het. Die man was nie alleen die hoof van die huis nie, maar ook die outokratiese baas! Hy het volle seggenskap oor sy vrou, kinders, bediendes en sy slawe gehad. As dit sou gebeur dat een van hierdie ondergeskiktes tot bekering kom, dan het die persoon baie swaar geleef!

Petrus se brief is egter nie slegs bedoel vir gelowiges in die jaar 65nC. nie. Dit is

tydloos en vandag kan elke Christen-gelowige steeds troos kry uit hierdie inspirerende brief. Daar word vandag steeds dikwels gediskrimineer teen gelowiges, en daar is selfs miljoene Christene wat swaar gebuk gaan onder wrede vervolging. Selfs in die “Christelike” land, Suid Afrika, waar die sensusopname beweer het dat 70% van die inwoners Christene is, word daar teen gelowiges gediskrimineer op baie vlakke. Kyk byvoorbeeld hoe Christelike Godsdiensonderrig uit ons openbare skole verban

is. Slegs enkele skoolhoofde is domastrant genoeg om dit steeds daar toe te pas, maar hulle beweeg op dun ys. Christelike radiostasies moet veg om oorlewing. Die persoon wat sy geloof uitleef word uitgestoot uit die sosiale samelewing. ‘n Rugbyspeler wat dit uitbasuin dat Jesus leef, word uitgejou. In ander lande gaan dit veel erger, en jy word selfs in die tronk gestop as jy oor Jesus durf praat of jou Bybel te voorskyn haal. In sommige Arabiese lande word jou kop afgekap as jy Islam verruil vir die Christelike geloof.

Petrus se brief is gerig aan elkeen wat gebuk gaan onder diskriminasie en vervolging as gevolg van hulle geloof. Vir jou sê Petrus: “Mag genade en vrede in oorvloed aan julle geskenk word!” (1 Pet. 1:2)

Gebed:

Here, vanoggend moet ek dankie sê dat ek nog in vrede kan leef sonder om vervolg te word vir my geloof. As daar die dag teen my gediskrimineer word, sê ek ook daarvoor dankie, dat so ‘n eer my te beurt mag val dat ek vir Jesus mag ly.

# 2

# Vrydag 11 November

# **Goud**

# **1 Petrus 1:3-9**

**VIDEO   *  OUDIO**

Goud is ‘n wonderlike ding! Ek was maar ‘n jong seun toe ek in groot verwondering by die Randse Paasskou onder in ‘n “myn” sit en kyk het hoe hulle goud bewerk. Eers word dit gesmelt in ’n vuuroond, wat so warm is dat jy nie daarin durf kyk nie, waarna dit in die vorms gegiet word. Dan word die rooiwarm geel stawe weer in ’n bad met suur gedompel.

‘n Asemrowende gesig vir enige seun!

Goud het ‘n groot rol gespeel in my kinderjare, alhoewel ons nooit sulke rykdom besit het nie. Ek het grootgeword in die fokuspunt van die fabelagtige Krugermiljoene. Die laaste hoofsetel van ou President Paul Kruger was skaars ‘n paar kilometer van ons plaas, en oral rondom ons, in al die koppies en klowe, was daar tekens waar mense gesoek het vir plekke waar Oom Paul sy miljoene kon versteek het. Stories van mense wat in ‘n droom gesien het waar die

skatte begrawe is, was volop. ‘n Ou oom het eendag op ons plaas aangekom en vertel dat hy ‘n spook raakgeloop het wat hom haarfyn verduidelik het presies waar daardie goud versteek was, nogal op óns plaas! Ongelukkig het dit toe geblyk dat sy “spook” se GPS ‘n bietjie deurmekaar geraak het!

Oupa het sélf ook gegrawe vir goud. Nee, dit was darem nou nie Oom Paul se goud nie, maar hy het goud probeer myn. Die myntjie het egter te min opgelewer om dit winsgewend te maak. Nie só

ver van ons af nie was daar natuurlik destyds ryk goudneerslae ontdek by Pelgrimsrus en Barberton, gevolglik het duisende fortuinsoekers daarheen gestroom in ‘n reuse goudstormloop. Hulle was bereid om alles op te offer, selfs hulle lewens om van daardie geel metaal in die hande te kry!

Wat maak goud dan so gesog? Ja, dit is baie skaars en moeilik om te delf. Maar die eintlike waarde lê in die onverganklikheid daarvan. Yster roes en selfs die mees

gesogte houtsoorte vrot of word deur rysmiere opgevreet. Selfs koper verloor baie gou sy glans en word groen. Maar goud? Dit is nie verniet die edelmetaal by uitstek nie. En nou kom sê Petrus dat ons geloof baie kosbaarder is as daardie gesogte geel skittermetaal. Wat ‘n wonderlike vergelyking!

Net soos goud, is ons geloof nie goedkoop nie. Jesus het baie duur daarvoor betaal! Hy het met Sy lewe daarvoor geboet en ‘n afgryslike dood gesterf aan die kruis.

Ook vir jou en my is dit nie

goedkoop nie. Ja, natuurlik kry ons dit gratis, vry en verniet van God. Dit is ’n geskenk van God se groot genade. Dit vra egter van ons dankbaarheid, want vir so ’n kosbare geskenk móét ons net eenvoudig dankbaarheid voluit uitleef. As ons dus eenmaal daardie kosbare geskenk van God gekry het, kan ons nie maar net gaan terugsit en dit bewonder nie. Dit vra van ons harde werk om daardie geloof te vertroetel, op te pas, te koester en veral om dit met ander te deel. ‘n Meisie met ‘n splinternuwe verloofring trek

mos nie handskoene aan sodat niemand daardie ring kan sien nie? Nee, sy loop met haar hand só in die lug dat almal dit moet raaksien. Sy adverteer as't ware die liefde wat haar bruidegom vir haar het aan die wêreld. Net so is dit met die goud van ons geloof: jy steek dit nie weg nie, jy adverteer dit aan elkeen wat jy teëkom!

Daardie meisie met die skitterende ring loop baie beslis ook nie met 'n lang, droewige gesig rond nie! Sy straal van opgewondenheid, en jy kan die liefde en blydskap op haar gesig lees. Net so moet

die skittergoud van ons verlossing ons ook opgewonde maak, só opgewonde dat jou gesig straal en elkeen wat met jou te doene kry die stralende liefde en blydskap in jou oë kan lees.

Om skitterende goud te verkry, word die gouderts gebreek, gemaal en met vuur, bytende suur en selfs dodelike gif soos sianied gesuiwer. Net so is geloof wat in sy erts-vorm is, waardeloos. Dit moet met harde werk gevorm en gesuiwer word. Dit is 'n harde pad wat deursettingsvermoë, teleurstellings en bloedsweet

vra. Ons het gister gepraat van diskriminasie en vervolging wat dikwels op ons geloofspad kom. Moenie moedeloos raak wanneer dit met jou gebeur nie, want dit is alles deel van die louteringsproses om jou geloof sterk te maak en dit te suiwer. Daar is nie so ’n ding soos ’n “kitsgeloof”, waar alles net in plek val en jy eensklaps ’n skitterende Christen is nie. In ’n goudmyn kry jy dikwels klatergoud, wat pragtig geel en blink is en nes die ware Jakob lyk. Die Engelse naam, Fool’s Gold is só beskrywend! Dis waardeloos! Dit verg harde

werk om jou geloof te bou, maar die eindproduk is skitterend, ewig en onverganklik.

Daar is egter een ding wat ons nooit mag vergeet nie, en dit is dat ons in hierdie geloof nooit vir onsself die eer mag toeëien nie, want alles, alles is genade. Petrus het hierdie gedeelte so treffend begin met die woorde: “Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n lewende hoop

mag hê op 'n erfenis wat nooit vergaan, besmet word of verwelk nie, en wat in die hemel vir julle in bewaring gehou word.” (1 Pet. 1:3,4)

Gebed:

Dankie Here, dankie vir my geloof. Gee my asseblief die krag en ywer om dit volmaak en aanneemlik vir U te maak!

3

Maandag 14 November

# Koningskind

## 1 Petrus 1:10-12

**VIDEO * OUDIO**

My skoondogter Claudette skakel my eendag. Sy is betrokke by Tembe Olifantpark, en hulle het ‘n ou probleempie. Daar moes dringend kosvoorraad daarheen geneem word van Durban af, en die persoon wat dit gewoonlik doen was nie beskikbaar nie, en of ek en Mosbolletjie nie dalk sou kans sien om dit te gaan aflewer nie. Vir ons

moeite kon ons vir twee nagte daar gaan oorslaap.

Dit het nie veel oorreding gekos nie, en so vat ons die lang pad na Tembe aan die suidgrens van Mosambiek. Daar aangekom, word ons letterlik op die hande gedra. Ons verblyf is in ‘n luukse safaritent en die aandete is uit die boonste rakke. Ek voel soos ‘n koning! Na ete wag ‘n verrassing: die gaste ontspan om ‘n gesellige kampvuur terwyl ons vermaak word deur dansers uit die Tembe gemeenskap. Die vertoning is puik!

Die volgende oggend word ons vroeg-vroeg uit die vere geboender: ontbyt is gereed en die veldvoertuig wag al vir ons. Die gids ontsien géén moeite om vir ons die beste moontlike wildbesigtiging te gee nie. Op byna onbegaanbare bospaadjies kronkel ons deur digte sandwoude agter ‘n trop olifante aan. Die gids werk letterlik soos ‘n slaaf om sy gaste koninklike behandeling te gee en ons baie spesiaal te laat voel. Laatmiddag is daar weer ‘n wildrit wat duur tot pikdonker. Hy bring ons tot binne raakafstand van ‘n groot

olifantbul. Skielik stop hy en beduie vir ons in die ruigtes waar ‘n soenie staan en wei, ‘n baie skaars, piepklein wildsbokkie. ‘n Paar minute later jaag ons in ‘n pikdonker gangetjie in die sandwoud agter ‘n renoster aan! En deur dit alles vertel hy vir ons van al die voëltjies en bome…….

Daardie aand lê ek in my snoesige, warm bed en wonder…... Ek luister na die musiek van die bos, nagapies wat om ons tent baljaar, ‘n jakkals wat êrens sing, die klaaglied van ‘n hiëna, die donderende slag toe ‘n olifant

sommer hier reg langs die kamp ‘n boom ontwortel. Ja, toe wonder ek wat ek dan gedoen het om dit alles te verdien? Wat maak my so spesiaal?

Petrus skryf dat kinders van God inderdáád baie spesiaal is! Besef ek en jy hoe wonderlik bevoorreg ons werklik is? Petrus wil hê dat ons met nuwe oë na onsself moet kyk en begin raaksien wat ons alles van God gekry het. Vir eeue lank het die Heilige Gees die profete geïnspireer om te skryf oor die Messias wat sou kom.

Terloops, die Gees van Christus verwys na die Heilige Gees. Wanneer ons blaai deur die profete in die Ou Testament, voel dit soms vir jou of jy besig is om die gebeure in die Nuwe Testament te lees. Jy staan verwonderd wanneer jy 'n noukeurige beskrywing lees van presies wat met Jesus sou gebeur. Hoe het hulle dit geweet? Dit was alles die werk van die Heilige Gees!

Moontlik moet ek net so terloops hier noem dat die Bybelboeke wat aan sekere profete of skrywers toegedig

word, nie noodwendig fisies deur hulle geskryf is nie. So byvoorbeeld is die pragtige profetiese boek Jesaja slegs gedeeltelik deur die profeet sélf geskryf. Hy het iewers tussen 700 en 800vC. die eerste 39 hoofstukke geskryf. Die tweede gedeelte van Jesaja (hoofstuk 40-55) is tydens die Babiloniese ballingskap geskryf deur iemand anders (Jesaja was toe reeds lankal dood). En die derde deel (hoofstuk 56-66) is eers omtrent in 500vC. geskryf ná die ballingskap, weereens deur iemand anders.

As simboliek van die lang en komplekse ontstaantyd van die boek Jesaja, kan ons eintlik sê dat God met Sy volk op pad is – verlede, hede en toekoms, alles versmelt in een komplekse Bybelboek. En hoe wonderlik is die evangelieboodskap nie hier opgeteken in die boek waar God op pad is met Sy volk nie! Lees gerus maar weer byvoorbeeld Jesaja 40.

Hoe wonderlik bevoorreg is ons nie vandag nie, soveel meer nog as die profete van ouds. Hulle het nooit die voorreg gehad om hierdie

Messias te sien nie. Maar nou het alles waar geword, al die wonderlike dinge wat Jesaja en die ander profete geskryf het. Die wonderlike is dat ek en jy die vrugte daarvan kan pluk! Selfs die apostels wat elke dag saam met Jesus was, het nie eers besef wie Hy rêrig was nie. Eers ná sy opstanding en hemelvaart het hulle werklik begin besef waaroor dit alles gegaan het. God was eeue lank besig om die verlossing te bewerkstellig, die verlossing wat ek en jy vandag kan smaak.

Maar nie alleen het Jesus vir

ons die verlossing kom bring nie - ons het boonop die Heilige Gees gekry! Dit is deur die toedoen van die Heilige Gees dat ons kan glo, die Bybel kan bestudeer en met God in gesprek kan tree. O baie, baie spesiaal is ek en jy beslis! Ons is baie meer bevoorreg as selfs die grootste profete van ouds, en selfs nog meer as die engele.

Ons is inderdáád Koningskinders!

Gebed:

Dankie Here, dat U my so spesiaal gemaak het, en dat ek vandag kan weet dat ek ‘n

Koningskind is. Help my asseblief om soos een te leef!

# 4

## Dinsdag 15 November

# **Vreemdelinge**

# **1 Petrus 1:17-21**

**VIDEO * OUDIO**

In 2016 word ek afgevaardig na die Algemene Sinode vergadering in Port Elizabeth. Ek het my oor 'n mik geskrik toe ek die nuus kry, want ek was nie sulke hoë vergaderings gewoond nie, en ek was mos maar net 'n doodgewone ouderling, nie 'n geleerde dominee nie!

Daardie eerste oggend van die Sinode by die manjifieke

Veremarksaal, klop my hart in my keel. Wat moet ek hier verwag? Wat maak ek, eenvoudige Lewiesie nou tussen al die ringkoppe? Dit moet sékerlik verskriklik formeel wees?

By die deur kry ek 'n notatjie wat sê dat ek by tafel 7 moet sit. Die saal is gevul met 'n klomp ronde tafels waar ek reeds mense in groepies sien sit en gesels. Ek soek tafel 7, en dan rek my oë groot. Daar sit reeds 'n beroemde oud-generaal, iemand vir wie ek die grootste respek en bewondering het. Langs hom

sit die briljante, dikwels baie omstrede teoloog, dr. Andre Bartlett. Die ander manne aan die tafel het almal ook reeds hulle merk gemaak in die lewe. Ek voel klein tussen al die groot en slim manne. Tóg kom ek baie gou agter dat hulle almal maar net doodgewone mense is, en boonop luister hulle opreg met aandag wanneer ek later my beskeie mening lug oor die moeilike onderwerpe op die tafel.

Ek besef baie gou dat die generaal ook maar net ‘n mens is. As ek dan soveel ontsag vir ‘n mens het, hoeveel te meer

moet ek nie ontsag hê vir die heilige God, skepper van die groot heelal nie? Hy is die Ewige Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors! Hoe nietig, klein en miserabel is ek nie in Sy heilige teenwoordigheid nie! Petrus vra dat ons in eerbied voor Hom moet lewe. Hoe bewys ek my eerbied aan Hom, die Heerser van alle heersers? Ek het groot eerbied vir daardie generaal, maar ek is beslis nie bang vir hom nie, want hy het bewys dat hy net die beste bedoelings het. Dit is nét so ook nie nodig om in angs voor

God te leef nie, want Hy het bewys dat Hy net die allerbeste bedoelings vir my as mens het, en dat Hy tot op my vlak neerdaal en hier by my is.

Daar is egter iets wat ons baie goed in gedagte moet hou. Ek ken gelowiges wat hééltemal té ver gaan en God soos ‘n “Speelmaatjie” behandel. Daar is ook Christelike boeke waarin God totaal disrespekvol behandel en aangespreek word. Uit my jong dae onthou ek dat die titel van een so ‘n boek alleen my skoon afgesit het, gevolglik het ek uit prinsiep nooit die boek gelees

nie: "Hey God!" Hoe kan jy die Heilige God só aanspreek?

Is dit nie dalk so dat ons God ook dikwels disrespekvol in ons gebede behandel nie? Ons is dikwels soos 'n kind wat op Kersvader se knie sit en sê: "Ek wil 'n baaisiekel hê en 'n pop en rolskaatse en……….." Ons gebede is soms slegs ritse wenslysies! Respek vir God beteken dat my gebed ook moet wys wat my ware gevoel teenoor God is, en dat ek nie net praat of eise stel nie maar ook na Hom luister.

Petrus sê dat ons ook soos vreemdelinge in die wêreld

moet leef. Dit is een manier om jou respek en eerbied vir God uit te leef. Wat beteken dit dan as jy ‘n vreemdeling is? Jy staan afsydig teenoor die dinge van die wêreld. Dit beteken nie dat jy jou moet onttrek van die wêreld soos die monnike doen nie. Inderdaad kan jy dalk op daardie manier ontsnap van die verskriklike sonde waarin ons wêreld gedompel is, maar dit is nie wat God van jou wil hê nie. Ek en jy moet juis midde-in hierdie sondige wêreld leef, maar soos vreemdelinge ons distansiëer van die sonde. As jy in

Thailand kom, gaan jy tog nie maak soos die inwoners van daardie land, en in die afgodstempel aanbid saam met hulle nie! Net so bly ‘n mens weg van die sondes van hierdie wêreld waarin ons vreemdelinge is.

Waarom is ons vreemdelinge? Ons is “losgekoop met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek.” (1 Pet. 1:19). ‘n Slaaf is destyds losgekoop met goud of silwer - dan was hy ‘n vry mens, en nie meer gebonde aan sy eienaar nie. Op dieselfde manier is ek

en jy losgekoop, waar ons voorheen slawe van die duiwel was asook van ons eie sondige natuur. Die groot verskil is egter dat ons losprys baie, baie groter was as die goud waarmee slawe destyds losgekoop was. Jesus het met Sy kosbare bloed vir ons vrylating betaal, die duurste prys moontlik! Ons is dus nou nie meer deel van die huishouding van die duiwel nie, maar vreemdelinge. Sal ons dan nou weer deel gaan hê aan die ou lewe in die duiwel se huishouding? Nee beslis nie, want uit respek en ontsag

vir die Almagtige God, ons Verlosser, sal ons so ver wegbly van daardie dinge as wat menslik moontlik is.

Dankie tog dat God nie dáár bo, verhewe is bo almal nie, maar dat Hy in Jesus en die Heilige Gees hier rég by my en jou is om ons hande vas te hou en krag te gee om die versoekinge van die wêreld te kan weerstaan. Dit is juis daarom so belangrik om in 'n gedurige gesprek met Hom te bly en om Hom te ken in alle dinge.

Gebed:

Al ons lofprysinge en dank en

aanbidding gaan vandag aan U alleen, Almagtige God. U is groot en goed en wonderbaar. Ons loof en prys U heilige Naam!

# 5

## Woensdag 16 November

## **Vurige Broederliefde**

## **1 Petrus 1:22-25**

**VIDEO * OUDIO**

Hoe behoort jou lewenswyse te verander nadat jy die dag wedergeboorte ervaar het? Eenvoudig: jy moet daarna begin streef om te lewe soos God wil hê dat jy moet leef!

Ons ry een oggend oor die vlaktes van Zoeloeland, in die omgewing van Sodwana. Ons is haastig om by die huis te kom, maar jy kan ook nie eers 'n bietjie voet in die hoek sit

nie, want elke kilometer of twee is daar ‘n paar beeste wat oor die pad kruie. En as dit nie die beeste is nie, dan is dit een van die talle klein dorpies wat jy deurry, elkeen besaai met spoedhobbels, waarvan sommige so skerp en hoog is dat jou tande op mekaar klap. Ek is ongeduldig, en ek hou nie juis by die spoedbeperking nie want ek is haastig om by die huis te kom!

En dan sien ek hierdie verstommende gesig: In die middel van een van die dorpies is daar nóg ‘n spoedhobbel, geverf in sebrastrepe vir ‘n

voetgangersoorgang. Skielik sien ek die beweging, ‘n hoendertjie wat in dolle vaart aangehardloop kom. Ek sien al die plat hoender! Maar hierdie een is anders, sy hardloop pylreguit na die sebrastrepe toe, en stap ewe kordaat oor die pad, al op die voetgangersoorgang langs! Ek trap haastig rem terwyl my mond onbeskaamd oophang. Ek en Mosbolletjie verloor albei totaal beheer oor ons lagspiere. Ek kan nie glo wat ek sien nie. Maar was dit nie dalk vir my ‘n vingerwysing oor my eie padgedrag nie? Ek het

menselewens in gevaar gestel deur vinniger te ry as die spoedgrens! Talle klein kindertjies speel langs die pad, en ‘n ongeluk kom tog só maklik! Om padreëls te verontagsaam is om liefdeloos op te tree teenoor jou medemens!

Kyk net ‘n bietjie wat Petrus sê in vers 22: “Omdat julle julle innerlike, in gehoorsaamheid aan die waarheid, tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar **innig met rein harte liefhê.**” Hierdie is nie sommer ‘n flou, afgewaterde soort van liefde

waarvan hy praat nie maar ‘n liefde met jou hele hart. Naasteliefde is om om te gee vir jou medemens, maak nie saak of hy ‘n ongelowige is nie. Dit is al klaar moeilik genoeg. Broederliefde is die hegte liefdesband tussen medegelowiges. Dit is nie ‘n maklike liefde nie, want sommige van ons medegelowiges kan dikwels maar moeilik wees en jou selfs seermaak met kwetsende woorde. Ek moet dit dikwels verduur, selfs in die kerk, van mense wat diep gelowig en oral betrokke is. Om daardie

persoon daarna steeds ten spyte daarvan van harte en vurig lief te hê, raak dan minder maklik.

Ongeveinste liefde beteken dat ek nou nie maar net aan my eie behoeftes dink, soos wat dit in my natuur ingewortel is nie. Dit is, om die waarheid te sê, gládnie natuurlik om vir mekaar lief te wees nie! Dit verg van my 'n volgehoue inspanning om hiermee vol te hou. Boonop mag dit nie toneelspel wees nie. Ek onthou 'n toneel uit een van die klassieke "Carry-on" flieks, waar die Britse kommissaris en

die Indiese prins by ‘n funksie net buite hoorafstand van mekaar sit. Die Brit knik vriendelik in die rigting van die prins, ‘n breë grimlag op sy bakkies, maar dan sê hy die allervreeslikste dinge van hom onder sy snor deur. Aan die ander kant loop die prins ook oor van vriendelikheid terwyl hy nét sulke aaklige dinge van die Brit sê.

Nee, ongeveinste liefde is nie ‘n pragtige toneelspeel-glimlag nie, maar dit moet diep uit die hart kom. As ‘n mens die dag God se wonderbare liefde besef en ervaar, kan dit net

eenvoudig nie anders as om gedring te word om daardie liefde uit te straal na almal waarmee jy te doene kry nie. Nog soveel meer as daardie band van die wedergeboorte jou bind met die ander persoon. Julle het immers saam vir God as Vader, so julle is dan mos bloedboeties en -sussies van mekaar!

Petrus sluit hierdie perikoop in vers 23 af met ‘n aanhaling uit Jesaja 40:6-8 as hy die verganklikheid van die aardgebonde mens afspeel teenoor die absolute onverganklikheid van die

Goddelike: “Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad – deur die lewende en blywende woord van God.” Jesaja het dit so mooi gestel, dat die mens soos gras is of veldblommetjies. So dikwels het ek beleef in die Bos dat die pragtige, wuiwende grasvelde na ‘n goeie somerreën aan die einde van die winterdroogte kaalgevreet is sodat daar dikwels nie eers stoppeltjies oorbly nie, net die barre klipperige grond. Selfs die Namakwalandse blommeprag in al sy glorie het

maar ‘n korte lewensduur, en kort voor lank verskroei en verdwyn dit. Die Woord van God bly egter vir ewig. ‘n Mens moet nie te veel van jouself dink, sodat jou lewe net om jouself draai nie, want jy is verganklik soos die gras en blommetjies. Jy moet egter die lewe wat God jou gee gebruik om Hom te dien. Een van die maniere om Hom te dien is om jou hart oop te maak vir jou mede-gelowiges, en hulle van harte en vurig lief te hê.

Gebed:

Here, neem asseblief my liefdelose hart en vorm dit met

U wonderbare liefde, sodat ek kan straal met die liefde wat U in my geplant het, en maak asseblief my liefde opreg!

6

Donderdag 17 November

# Moedersmelk

## 1 Petrus 2:1-3

**VIDEO * OUDIO**

Dis in die laat negentigs en hoogsomer in die Laeveld, waar ek en Mosbolletjie soos twee uitgespande donkiekarre op die boshuisie in Marloth Park se stoep sit. Die gras staan geil en die bome is lowergroen. Dit is dus te verstane dat almal wat kleintjies kon kry kleintjies het: rooibokkies, blouwildebesies, sebratjies, vlakvarkies…….

Vroegoggend het ons al mieliepitte uitgegooi voor die stoep vir die voëltjies, maar daar is nou nie juis veel belangstelling nie. Skielik is daar ‘n geritsel in die bossies. Deur die lang gras is slegs die lugdraad sigbaar wat reguit op die huis afpeil. As dit nader kom merk ek nog vier miniatuur lugdraadjies op ‘n streep agterna. Die voëls se mieliepitte is ‘n heerlike lekkerny vir ‘n vlakvark, en die ou sog val dadelik weg en tel die pitjies een vir een op terwyl sy dankbaar op haar skurwe knietjies kniel. Die kleintjies is

uitbundig en dit speel en stoei vir ‘n vale. Skielik onthou enetjie dat hy honger is. Ma-vark word stormgeloop en hy gryp na ‘n melkspeenjie. As die ander drie sien wat aan die gang is, dan lyk dit erger as Barberton se goudstormloop. Dit pomp en suig en kreun en snork van pure lekkerkry, en Ma staan net daar met ‘n salige, in-’n-ander-wêreld uitdrukking op haar gevreet!

Ek onthou nog toe my eie spruite babas was, hoe die ou bloedjies soms skoon skuinsbetjoins was en jou mal geskreeu het, en die oomblik

as daardie tiet in die mond gedruk word, sak daar so ‘n salige stilte oor die huis neer. Daar is niks so welgelukmoedersalig as ‘n baba met sy melk nie. Petrus het beslis óók geken van ‘n babatjie en melk, en hy gebruik hierdie wonderlike beeld om geestelike groei te verduidelik. Hy het baie duidelik geweet dat ‘n baba wat nie melk kry nie, beslis nie kan groei nie! Nog erger, dat so ‘n kleintjie doodeenvoudig nie kan oorleef nie!

Net soos die baba, is die gelowige ook totaal afhanklik

van geestelike kos. Die dag wat jy weergebore word is jy ook soos ‘n babatjie. Dán is jy totaal afhanklik van die rykste geestelike melk moontlik sodat jy kan groei en sterk word. Daardie melk is natuurlik die Woord van God, en hoe meer jy daarvan inkry hoe vinniger is jou geestelike groei.

‘n Baba verstaan nie mooi waaroor dit alles gaan nie. Hy weet absoluut niks van voedingskrag of diëetkunde nie. Al wat hy weet is dat hier onder iewers ‘n verskriklike hongerpyn is en uit ondervinding het hy al geleer

dat as hy aan daardie tiet suig, verdwyn die pyn soos mis voor die son. Op dieselfde manier verstaan die nuwe Christen ook nie alles wat hy lees nie. Dikwels maak dit gladnie eers sin nie! Dit maak egter nie so groot saak nie, en die groot geheim is om maar net so veel geestelike kos as moontlik in te kry. Later sal dit wel sin maak as die dinge begin bymekaar kom. Wat maak dit byvoorbeeld tog saak waar Kain sy vrou gekry het?

As ons hierdie perikoop lees, wil dit lyk asof Petrus twee aparte opdragte gee, naamlik

om te eet en om op te hou sonde doen. Dit is nie wat Petrus werklik bedoel het nie, maar eerder dat die een onlosmaaklik deel van die ander is. As jy die suiwer melk van die Woord inkry en geestelik groei, is dit ‘n natuurlike proses dat die sonde uit jou lewe sal begin verdwyn, want dan word die praktiese uitvoering van wat jy uit die Woord geleer het moontlik.

Aanvanklik is die enigste aksies wat ‘n baba regkry, om doeke nat of vuil te maak en ‘n gemors rondom hom te veroorsaak. Namate hy groei,

begin hy meer goed in die lewe bemeester. Net so groei die baba-gelowige na geloofsvolwassenheid. Weldra begin hy die sondes in sy lewe bemeester. As jy dit dus nog nie kon regkry om op te hou met kwaaddoen, bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpratery nie - slegs 'n paar voorbeelde wat Petrus noem - moet jy besef dat jy beslis nog nie genoeg van daardie geestelike melk ingekry het nie. Gebruik elke moontlike geleentheid om vertroud te raak met die woorde van die Bybel. So sal jy

groei ervaar, en al meer groter sekerheid oor jou verlossing kry.

Petrus se laaste sinnetjie, “noudat julle die goedheid van die Here gesmaak het,” kom uit Psalm 34:9. Ons het GEPROE hoe goed die Here is! Soos ‘n babatjie wat eenmaal sy ma se melk geproe het, en nou niks anders in die lewe wil hê nie, so sal die Christen-gelowige wat eenmaal God se goedheid geproe het, smag na meer en meer. Soos die natuurlike instink van ‘n baba is om melk te wil hê, so moet jou geestelike aptyt al groter en

groter word, en moet dit net natúúrlik kom dat jy van God wil leer en groei na volmaakte geestelike volwassenheid.

As ‘n baba nie kos kry nie, kwyn hy weg. As jy geestelik nie kos kry nie kwyn jy ook weg, totdat jy naderhand slegs ‘n geestelike geraamte is. Hierdie dagstukkie is slegs ‘n aptytwekkertjie, en dit is nie naastenby genoeg om jou geestelik aan die lewe te hou nie. Ware pitkos kry jy uit Bybelstudie, kerkaktiwiteite, seminare, verrykingskursusse, Bybelskool ens. Al daardie dinge is daar vir jou geestelike

groei. Gebruik dit. Eet die Woord!

Gebed:

Here, gee asseblief vir my ‘n onstilbare honger na U Woord!

7

Vrydag 18 November

# Bakstene en Mure

## 1 Petrus 2:4-10

**VIDEO * OUDIO**



Bouwerk het my nog altyd gefassineer. In my prille jeug was ek self 'n bouer, dus ken ek van wat met 'n huis se mure aangaan. Juis daarom staan ek verbaas vandag as ek sien hoe bouwerk dikwels gedoen word. Alles geskied so vinnig

en so goedkoop as moontlik, want die bouer wil sy geld hê, en die ontwikkelaar wil die projek klaarkry op die goedkoopste moontlike manier sodat hy ’n groot wins kan maak. Boonop is die nuwe eienaar haastig om in te trek. Gevolglik is daar dikwels maar hope knoeiwerk. Die afgelope paar jaar was daar talle berigte van geboue wat inmekaar gestort het oor brouwerk! Uiteindelik is die mooi wat jy in die voltooide gebou sien aangeplak soos ‘n Hollywood aktrise se beeldskone gesiggie, pragtig van buite

maar onder die lae verf die ene gemors!

Bouwerk jare gelede was só anders. Baie van die ou klipgeboue het nie eers betonfondasies nie, want die bouwerk was so deeglik en met trots gedoen dat dit totaal onnodig was. Selfs die onsigbare gedeelte van die bouwerk is met trots gedoen. Iemand vertel eendag van ‘n klipmuur wat hy saam met sy pa gebou het. Hy was oorhaastig met die fondasie, en omdat dit tóg onder die grond toegegooi sou word, was dit allesbehalwe netjies. Pa

was nie gelukkig nie, en toe die seun hom vra wie dit tog ooit sou sien, was sy antwoord: "My seun, ek en jy wéét dat dit 'n gemors daar onder die grond is! Al sien niemand anders dit nie, weet ons nog steeds daarvan!"

Sekerlik een van die mees delikate boumetodes is om klipmure te bou sonder om enige sement te gebruik om die stene aanmekaar te heg. Die klippe word gemeet en gekap totdat hulle pas. So 'n klipgebou moet egter 'n beginpunt hê. Dit kan mos nie sommer net enige plek

ontstaan nie, en daarvoor word soms ‘n ekstra groot uitsoek-klip gebruik, wat op die hoek van die gebou geplaas word as die oorsprong van die res van die gebou. Van daar af word al die ander klippe ingepas om by die hoeksteen aan te pas. Hy dra as’t ware die ganse gebou. Elke klip in so ‘n klipgebou het sy spesiale plekkie, en as een van hulle ontbreek, is daar ‘n swak plek in die muur, en dit kan in duie stort. Sommige klippe is maar relatief eenvoudig, vierkantig en doelgerig. Ander klippe, soos byvoorbeeld die kunstig-

gevormde sleutelklippe bokant die ingang van die gebou is baie spesiaal en dit verg goeie vakmanskap om hulle akkuraat te kap.

Klipgeboue is ewig en selfs die eenvoudigste van hulle het ‘n baie spesiale, lewendige karakter. Die muur op die foto hier bo het my oupa gebou nog voor my geboorte, en hy staan vandag nog!

Petrus het hierdie onderwerp waaroor ‘n mens boeke vol kan skryf, gekies om te wys hoedat gelowiges in ‘n lewende gebou, die kerk, inpas. In die vorige dagstukkie het ons gesien van

die babatjies wat versot is op melk. Daardie einste geestelike babatjie word gekap en gevorm om ‘n lewende steen te wees in die huis van God. Dit is daarom nodig dat die baba genoeg kos moet kry om sterk te word, anders is hy ‘n bros steen wat gaan verkrummel en dalk ‘n liederlike kraak in die muur gaan veroorsaak.

Ons geestelike gebou het egter ook ‘n Hoeksteen: Jesus Christus. Die hele gebou word ontwerp rondom Hom as volmaakte uitgangspunt. Elke lewende steen moet op sy eie manier aanpas by die

Hoeksteen, anders is hy nie in lyn met die res van die gebou nie. ‘n Verbyganger kan dalk minagtend sê dat die Hoeksteen heeltemal anders is as die res, en sy neus daarvoor optrek. Ja, hoe dikwels het ek dit nie al gesien dat mense Jesus verag en verwerp nie. Iemand het my eendag liederlik uitgevloek omdat ek die vermetelheid gehad het om vir hom ‘n ongevraagde evangelieboodskap te stuur. Dit moet ‘n mens egter nie laat afskrik nie, want God het Sélf vir Jesus daardie ereplek

uitgekies. Om in daardie huis as steen gebruik te word, leef jy dus teenaan Jesus, want daardie Hoeksteen is onbeweegbaar en altyd daar.

‘n Gebou kan alleen verrys as daar ‘n klomp stene ingebou word. Net so kan die kerk alleen groei as dit gebou word met lewende stene wat inmekaar pas. Elke lewende steen in die kerk het sy perfekte plekkie, en al is sommige van hulle maar vaal, is hulle steeds onmisbaar en dien ‘n doel. Sommige mense is baie spesiaal gevorm en het ‘n prominente plek by die

ingang van God se gebou. Die vaal ou middelsteen is egter niks minder belangrik as daardie op-die-oog-af belangrike sleutelsteen nie.

Maar wat gebeur met die bousteen wat alleen daar eenkant lê? Mense stamp hulle tone teen hom, en uiteindelik word hy weggegooi. Geen Christen-gelowige kan alleen deur die lewe gaan nie! As jy nie deel vorm van daardie gebou nie is jy nutteloos! So dikwels het mense al vir my gesê dat kerk nie vir hulle belangrik is nie. Sonder 'n gemeente om jou te versterk

gaan jy geestelik dood. Laat jou inbou as ‘n lewende steen, en jy sowel as die kerk vind baat daarby!

Gebed:

Here, maak my asseblief ‘n lewende steen in U wonderlike gebou. Help my ook asseblief om sterk en nuttig te bly en nie te verkrummel, en so die hele gebou bedreig nie!

8

Maandag 21 November

**Vreemdeling**

**1 Petrus 2:11,12**

**VIDEO * OUDIO**

Dit was bitter nuus wat hy vanoggend gekry het: hy moet sy goedjies pak en loop. Waarheen? By wie sal hy dié slag gaan aanklop vir ‘n heenkome? Die lewe is bitter onregverdig hier in die vreemde! Toe hy destyds hierheen getrek het, was alles so rooskleurig vir hom voorgestel as ‘n land sonder armoede en hongersnood,

waar geld in die strate afrol, en waar mense vrolik is! Ja, daardie mense, so het hy sommer gou agtergekom, is nie uitlanders soos hy nie, maar burgers van die land! Uitlanders het géén regte nie. Niks!

Hy was baie bly toe hy kort na sy aankoms in die land blyplek kon kry as ‘n bywoner op ‘n stukkie grond. Eers het hy gedink dat die eienaar baie goedgunstig was om hom die verblyf aan te bied, maar baie gou moes hy uitvind dat daar ‘n verskuilde agenda was, en dat hy hom vodde moes werk vir

daardie man! En dít net vir die voorreg om in ‘n ou lendelam gehuggie te kon slaap! Om eiendom te koop en so jou eie potjie te krap, was totaal buite die kwessie. Dit was géén uitlander beskore nie!

En toe kom daardie verskriklike dag, toe ‘n klomp jong skarmunkels – almal goed besope - hom een aand getakel het en hom pimpel en pers geslaan het en hom beroof het van al sy swaarverdiende geldjies. Die hof wou nie eers na sy storie luister nie, want “uitlanders het geen regte nie!” Al wat nou

oorbly vir hom, is om hom maar te gaan versuip in die wilde hoernes van die afgodstempel, en hom só oor te gee aan sy begeertes! Of dalk moet hy maar net eenvoudig maak soos hierdie spul maak. As hulle met hóm goor kan wees, moet hy hulle dalk wys hoe góór hy met húlle kan wees!

Die beskrywing hier bo klink wreed en bitter onregverdig. Dis egter wat dikwels op vreemdelinge in 'n land gewag het in Petrus se tyd. Vreemdelinge kon nie op eiendomsreg, politieke regte of

enige vorm van geregtigheid aanspraak maak nie, en daar was dikwels wreed teen hulle gediskrimineer. Die heidense regering het totaal ander waardes gehad as dié waaraan hulle gewoond was, en die amptenare was hulle uiters onsimpatiek. Dan was daar natuurlik boonop daardie verleidelike tempels waar jy jou sorge kon gaan versuip.

Petrus het geweet waardeur hierdie arme mense moes gaan, en dat dit maklik was om moedeloos te raak of om handdoek in te gooi en maar te maak soos die ander maak.

Daarom maan hy hulle om nie aan hulle " liggaamlike begeertes" toe te gee nie. Ons kan dit ook jou "natuurlike geaardheid" noem, wat sou beteken dat as ander mense jou moeilikheid gee, jy jou natuurlike instink sal volg en die man op sy plek sit. "'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand!", klink natuurlik mos billik, is dit nie? As 'n ou my beledig, dan gaan ek mos nie stilsit en hom maar sy sê laat sê nie? Ek gaan hom terugkasty met 'n vurige tong! En wat van ons moderne siekte: padwoede? As iemand onverskillig voor jou

inswaai, gee jy hom ‘n vulgêre vinger, blaas op jou toeter en laat hom presíés verstaan wat jy van sy padmaniere dink. Om iemand in eie munt terug te betaal, voel vir jou reg.

Moenie! Dit verwoes jou eie lewe! As jy kwaad met kwaad vergeld, word dit naderhand ‘n bose kringloop waarvan jy nie kan ontsnap nie, en jy gaan sélf die onderspit delf. Inderdaad veroorsaak hierdie woedeuitbarstings stres en hoë bloeddruk!

Baie mense voel vandag dikwels asof hulle vreemdelinge is in hulle eie

land. Daar word gediskrimineer teen hulle in alle fasette van die lewe. Grondhervorming is ‘n bitter kwessie, veral as dit jou erfgrond is waar jou oupa en jou grootjie geboer het, en nou word dit van jou weggeneem. Jy het geen reg meer daarop nie. Mense verloor hulle werk op grond van hulle velkleur. Op sportgebied word die beste sportsterre dikwels uitgesluit as gevolg van wie of wat hulle is en nie oor wat hulle kan doen nie.

In ander Afrika-lande is sake selfs nog véél erger, en baie

mense daar leef in die grootste vrees. Jou natuurlike reaksie teenoor enige sulke soort van diskriminasie is woede en verwyt. Petrus sê egter in vers 12 presies wat ons te doen staan: jy moet jou aanhou goed gedra, al gebeur wát ookal. Moenie toegee aan jou natuur nie maar lewe voorbeeldig, al word jy ookal soos ‘n misdadiger behandel. Die dag sal kom dat die mense wat so teen jou diskrimineer sal erken dat hulle ‘n fout gemaak het, al is dit eers op die dag van afrekening voor die regterstoel van God. En

boonop, wat het Jesus gesê van die ander wang draai en die tweede myl loop?

Dalk sit jy self vandag sonder ‘n huis van jou eie, of jy kry swaar omdat jy ander mense se genadebrood moet eet. Moontlik word daar bitterlik teen jou gediskrimineer. Moenie moedeloos word nie! Vir God is jy kosbaar! Hy wil jou gebruik in jou omstandighede!

Gebed:

Here, gee in my ‘n gees van verdraagsaamheid, en gee my asseblief die krag om staande te bly en volgens U wil te leef

in liefde ten spyte van wat enigeen teenoor my doen!

# 9

# Dinsdag 22 November

# **Gee Eer Aan Die Keiser**

## **1 Petrus 2:13-17**

**VIDEO * OUDIO**

Die Keiser is nie ‘n maklike man om mee saam te leef nie. Hy gee opdragte wat jou teen die bors stuit, en hy maak wette wat jou dwars in die krop steek. Hy vaardig dekrete uit wat jou die hande in die lug laat gooi. Voorbeelde hiervan is daar legio: as ons so ‘n paar jaar terug gaan in die geskiedenis, dan was daar die flambojante Idi Amin, ‘n man so

lagwekkend kontroversiëel dat daar selfs ‘n fliek oor hom gemaak was! Hierdie bose karakter het sy land met ‘n ysterhand regeer en miljoene mense die harnas ingejaag. In ons eie tyd is dit die opper-leier van Noord Korea, Kim Jong-un wat ‘n wrede skrikbewind voer, nes sy pa Kim Jong-il en oupa Kim Il-sung. ‘n Christen het daar géén bestaansreg nie!

In ons eie land gooi ons dikwels die hande in die lug uit pure radeloosheid wanneer ons sien wat die manne en vroue daar bo nou al weer aangevang het. Elke dag het

nou letterlik splinternuwe verrassings, en dit raak al erger en erger. En hoe meer ons protesteer oor al die ongeregtighede, hoe minder steur hulle hulle daaraan!

Dit is met hierdie agtergrond dat ons hierdie paragraaf lees wat Petrus geskryf het oor die owerhede. Dit is belangrik dat ons sal raaksien dat hy nêrens voorskrifte gee oor hoe 'n regering moet optree nie, maar sy opdragte is suiwer vir die onderdane. Nou moet ons ook onthou dat Petrus hier in die eerste plek praat met die "vreemdelinge en bywoners"

van gister se oordenking, mense met absoluut géén regte en sonder burgerskap. Die riglyne is wél spesifiek vir hulle bedoel, maar dit kring ook wyer uit na énigeen wat onder gesag staan.

Petrus sê baie reguit dat jy jou moet onderwerp aan die owerhede, of dit nou die keiser is, of sy gesante. Waarom? “Ter wille van die Here,” skryf hy in vers 13. Die tweede rede wat Petrus hier gee is dat die Here nie wil hê dat ons die kwaad wat ‘n owerheid ons mag aandoen met kwaad probeer regmaak nie, maar

eerder deur goed te doen. ‘n Staatsgreep is dus beslis nie ‘n opsie nie!

Ja, dikwels raak ons maar moedeloos as die regering dinge doen wat totaal verkeerd is, en dan is die neiging dikwels om reg in eie hande te neem en in opstand te kom, veral as die regering nie jou eie politieke party is nie. Dit is egter dwaas om die regering tot ander insigte te dwing deur te probeer om hom te oortref met kwaaddoen. Petrus wil vir ons wys hoedat jy ‘n einde kan maak aan wanpraktyke van ‘n regering wanneer jy dit nie kan

regkry deur die gewone politieke kanale nie: jy kry dit reg deur goed te doen! Kom ek noem ‘n voorbeeld:

Godsdiensonderrig was destyds afgeskaf in openbare skole, ‘n droewige en baie seer dag vir die Christelike geloof! Baie mense het in opstand gekom daarteen, en sommige skoolhoofde het die wet selfs totaal geïgnoreer en bloot aangegaan daarmee, met die gevolg dat hulle hulle rieme styfgeloop het. Een onderwyseres in Stanger het egter hierin ‘n geleentheid raakgesien. Sy het gereken dat

pousetye mos nie skooltyd was nie, en die kinders kon dan mos doen wat hulle wou! Sy begin toe om haar eie pousetyd op te offer om met kinders te gesels oor die Evangelie. Eers was dit net ‘n paartjies wat kom meedoen het, maar die woord het vinnig versprei. Kort voor lank was daar elke pouse sommer ‘n groot klomp kinders om haar!

Sy het mettertyd ‘n groot behoefte raakgesien, dat meeste van hierdie kinders gladnie Bybels gehad het nie. ‘n Fondsinsameling was gou gereeël, en ‘n klomp Bybels kon

aangekoop word. Die kinders kon dit koop teen ‘n skamele vyf Rand elk. Die eerste Bybels was opgeraap, en inderhaas moes nóg voorrade aangekoop word terwyl selfs Moslemkinders tougestaan het om Bybels te koop! Dis iets wat nooit sou kon gebeur het as Godsdiensonderrig nie afgeskaf was nie. Die ander bonus was dat die kinders vrywillig van Jesus wou leer sonder enige dwang van verpligte godsdiensonderrig!

Petrus waarsku dat jy jou aan die owerhede moet onderwerp omdat jou vryheid in Christus

nie God se opdragte uitkanselleeer nie. Ek het al dikwels gehoor dat iemand sê dat hy slegs een Heerser in sy lewe het, naamlik Christus, en daarom steur hy hom nie aan ‘n regering nie. God vra van jou om jou in die eerste plek natúúrlik aan Hom te onderwerp, maar terselfdertyd moet jy ook aan die regering gehoorsaam wees. Om dus die regering te gehoorsaam beteken dat jy daardeur terselfdertyd God gehoorsaam. Maar dit geld nie net die regering nie maar “elke menslike instelling” (v. 13), dus

ook jou onredelike baas, die onmoontlike munisipale amptenaar, en die selfgeregtigde verkeersman. Eer hom vir die posisie waarin God hom aangestel het. Natuurlik is daar ‘n uitsondering. Wanneer die owerhede vereis dat jy iets moet doen waarin jy God ongehoorsaam moet wees, moet jy besef dat God die hoogste gesag is, en dat jou gehoorsaamheid in die eerste plek dáár lê. Daniël is hier die voorbeeld.

God vra dus van jou, nie opstandigheid teenoor die nie-

Christelike regering nie, maar eer, en nie haat teenoor die ongelowiges nie, maar respek.

Gebed:

Here, gee asseblief vir my ‘n hart van liefde, en help my om eer aan die owerhede te gee!

# 10

# Woensdag 23 November

# **In Sy Voetspore**

# **1 Petrus 2:18-25**

**VIDEO * OUDIO**

Dis vieruur in die middag, en die skadu's word lank agter die hoë koppies wat ons plaas omring. Elandskrans gloei roesrooi in die laatmiddagson, die beroemde Elandskrans van Waterval Boven. Dick, my Kolliehond raak onrustig: dit het tyd geword! Van die stoep af sien ek vir Blommetjie, my Jerseykoei in diep bepeinsing onder by die gronddam wei.

Nog verder, amper by die rivier staan nog ‘n paar koeie in die sappige gras, getrou gevolg deur ‘n vyftal “melkkannetjies” (wit veereiers). ‘n Rustige prentjie. Maar dit begin laat word en die beeste moet in die kraal kom vir die nag.

Skielik spring Dick op en hardloop deur die veld tot dáár onder by die rivier. In die verte hoor ek hoe hy vir die beeste blaf en hulle grensloos irriteer. ‘n Koei vererg haar bloediglik vir hierdie lastige brak en begin hom jaag terwyl hy al blaffende in die huis se rigting hardloop en die hele tyd omkyk na die

koei. Een-vir-een begin al die koeie om hom te jaag totdat die hele trop beeste agter hom aanhardloop. Jy sien net melkkannetjies uitmekaar spat! Blommetjie, wreed versteur in haar diep bepeinsing by die dam, besluit dat hierdie maar net vet pret kan wees, en sy piekel al bulkend agterna. Al blaffende hardloop Dick uitgelate wye draaie soos ‘n wafferse fluitspeler, met die beeste op ‘n streep in sy voetspore agter hom aan, reguit na die beeskraal toe. Daar staan die plaaswerkers alreeds geduldig en wag vir

Dick en die beeste. Eers as hy in die kraal is, en al die beeste veilig binne, glip hy by die hek uit en draf uitasem terug huistoe, tevrede dat sy dagtaak afgehandel is!

Het jy al ooit in iemand se voetspore geloop? Ek onthou dit nog soos gister: ek was klein, en my pa groot en baie lank. Ons het kaalvoet deur die veld gestap, en daar was dorings. Pa het voel-voel voorgeloop en ek moes trap in sy voetspore, want enige dorings wat dáár was het hy reeds gekry. Nee, dit was nie maklik nie, want sy treë was

gróót, en my ou beentjies bitter kórt. Maar ek het gerek, en elke keer in sy spore getrap, al moes ek soms spring om by te kom!

Petrus sê dat ons ook só in Jesus se voetspore moet volg. Dis beslis nie die maklikste ding op aarde nie, want dikwels is die voetspore wat Jesus getrap het besaai met dorings. Petrus noem byvoorbeeld jou verhouding met jou werkgewer. Gister het ons gesien hoe jy moet optree teenoor die owerhede en dat dit dikwels moeilik is om steeds respek en eer te gee aan

mense wat só ooglopend verkeerd is. Maar ‘n werkgewer kan dikwels óók maar so skuins dwars wees! Jy onthou seker dat die eerste lesers van Petrus se brief, uitlanders sonder regte was, dikwels uitgelewer aan uiters onredelike werkgewers wat hulle behandel het soos die skuim van die aarde. Gewoonlik het hierdie werkgewer ook aan hulle blyplek verskaf, dus kon hulle nie maar net hulle goedjies vat en loop nie, want dan was dit ook koebaai vir hulle blyplek. My dogter het destyds in haar

prille jeug sélf ook so ‘n ondervinding gehad, toe sy vir ‘n jaar of drie in Israel gaan werk het. Die Jode het haar soos vuilgoed behandel, en sy moes dit maar opvreet, want sy was die een wat verleë was.

Hoe tree jy op teenoor so ‘n onredelike baas?

Petrus sê: “Wees met groot ontsag aan julle werkgewers onderdanig, nie net aan die goeies en vriendelikes nie, maar ook aan die onredelikes.” (1 Pet. 2:18). Om jou beste te gee vir ‘n goeie baas, is maklik. As hy ‘n buffel is, dan begin dit half moeilik raak! Dit gaan

dwars teen jou natuurlike aard in. As jy onskuldig uitgeskel word, is jou eerste reaksie om op jou agtervoete te staan en hom te laat verstaan dat jy nie met jou laat mors nie. Iemand wat egter ten spyte van sulke aanslae steeds vriendelik bly en steeds jou beste lewer, doen iets baie verdienstelik voor God.

Jesus word as voorbeeld genoem, want as jy in Sy voetspore volg, kan jy nie verkeerd loop nie. Die eerste voetspoor wat Petrus noem is dat Christus nooit iemand probeer bedrieg het nie (vers

22). ‘n Leuen mag dalk jou werkgewer tevrede stel, maar hoe leef jy daarmee saam?

Petrus se tweede voetspoor is dat Jesus nie teruggeskel het toe mense Hom beledig het nie (vers 23a). Hy het nie na hulle vlak afgedaal nie, maar bloot stilgebly. Deur slegs ‘n belediging te ignoreer kan jy dikwels ‘n plofbare situasie ontlont.

Die derde voetspoor is dat Hy nie sy vyande gedreig het nie, al was Hy in staat daartoe om hulle te verswelg met een enkele woord. Om jou baas te dreig met die hof, mag dalk

werk, maar is dit werklik reg?

Die vierde voetspoor is dat Hy aan God die oordeel oorgelaat het. ‘n Mens soek gewoonlik vergelding, maar laat dit liewer aan God oor.

Moet ons nou maar toelaat dat ‘n baas net op jou trap? Nee, ek dink nie dit is wat God se bedoeling ooit was nie, want as werker word jy beskerm deur die wet. Die vraag wat jy egter vir jouself moet afvra is, wat Jesus in hierdie situasie sou gedoen het?

Gebed:

Here, ek wil so graag in U

voetspore loop. Gee my asseblief die krag daartoe!

11

Donderdag 24 November

# Jou Huweliksmaat

## 1 Petrus 3:1-7

**VIDEO * OUDIO**

Is daar ‘n mooier prentjie as twee stokou gryskoppe wat liefdevol hand aan hand stap en styf teen mekaar op die parkbankie gaan sit? ‘n Halfeeu se sakke sout het hulle saam opgeëet; saam deur swaar tye gegaan; saam kinders groot gemaak; saam oud geword, en deur al die jare het hulle liefde vir mekaar net groter en hegter gegroei.

Om ‘n huwelik te laat werk is nie maklik nie, en so dikwels sien ons dat huwelike net eenvoudig nie uitwerk nie. Die man en vrou kan doodeenvoudig nie meer mekaar verdra nie, en weldra spat die vurige liefde van weleer aan duisend skerwe. As ‘n mens egter noukeurig jou huwelik grond op dít wat in die Woord daaroor vir ons geleer word, kan baie droefheid en pyn dikwels verhoed word.

In Petrus se tyd was dit beslis nie maklik vir ‘n vrou in die huwelik nie! Sy het nie dieselfde status as ‘n man

gehad nie en is dikwels soos ‘n vloerlap behandel. Die vrou se posisie in die samelewing was maar haglik, want sy het géén sê gehad nie. Met die koms van die Christelike Kerk het vrouens egter hulle menswaardigheid teruggekry. In die kerk het hulle ware mense geword, gelyk met enige ander mens voor God. In die huwelik het hierdie nuwe status egter baie spanning veroorsaak, want skielik sien die man dat sy vrou nie meer die slaaf is wat sy was nie, veral as hy steeds ‘n ongelowige was. Dit het egter

baie wyer uitgekring, want die owerhede het groot moeilikheid sien kom. Hierdie nuwe godsdiensbeweging was besig om die huishoudings te ondermyn. Vroue het nou skielik baie meer seggenskap gehad as voorheen, en dit was ‘n reuse euwel! Dit alles het die Christenvroue in ‘n baie moeilike situasie geplaas, en daarom verduidelik Petrus hoe hulle dit alles moes hanteer om ‘n uiters plofbare situasie te ontlont.

Ons moenie hierdie gedeelte sien as ‘n algemene riglyn vir die huwelik vandag nie, maar

dit gaan eerder oor die gelowige vrou se plig teenoor haar onredelike man in ‘n samelewing waar daar bitterlik teen die vrou gediskrimineer was. In ons eie situasie vandag, teen die agtergrond van ons kultuur, geld dít wat Petrus vir die vrou sê óók vir die mans van vandag.

In vers 1 kry die vrou die opdrag om onderdanig te wees aan haar man. As ons egter Efesiërs 5:21 lees, sien ons dat dit ‘n wedersydse onderdanigheid moet wees. Hulle moet aan mekaar onderdanig wees. Dit is baie

belangrik. Om onderdanig aan iemand te wees beteken nie dat daardie persoon jou baas word nie, maar eerder dat jy daardie persoon wil respekteer en dien uit liefde vir God. Daar moet dus 'n wedersydse diens aan mekaar wees. As slegs een persoon gelowig is, kan dit maar moeilik raak, want dan word dit 'n eensydige diens en eensydige onderdanigheid. As dit jou lot is, dink dan aan Jesus wat ook so 'n eensydige offer gebring het toe Hy vir die sondes van die ongelowige wêreld betaal het aan die kruis. Jy kan beslis nie sulke

eensydige onderdanigheid uit jou eie krag regkry nie, maar alleen uit die geestelike krag wat die Heilige Gees vir jou gee.

Gedrag, sê Petrus, is baie belangriker as woorde. “Woorde wek maar dade trek,” lui die bekende spreekwoord. Jy sal nooit jou ongelowige man/vrou oortuig deur vir hom/haar te preek nie. Jou voorbeeldige gedrag is egter ‘n reuse preek, en daardeur mag jou huweliksmaat dalk tot bekering kom.

Petrus skryf in vers 3 ‘n ding wat talle vroue al nagmerries

gegee het: “Julle skoonheid moet nie op uiterlike dinge berus nie – soos die vleg van hare, die dra van goue juwele, of die aantrek van elegante klere nie.” As jy hierdie versie op sy eie lees, gaan baie vrouens hulleself eerder in ‘n donker kamer toesluit vir die res van hulle lewens. Baie vroue sê: “Eerder dood as sonder grimering!” As ons dit egter binne sy konteks lees, verander die prentjie, en daar is beslis niks verkeerd met juwele, grimering en al die ander vroulike fieterjasies nie, solank as wat jy die skoonheid

uitstraal wat die Heilige Gees alleen in jou kan gee. Vers 4 praat van “die onverganklike skoonheid van 'n saggeaarde en rustige gees, wat in God se oë baie kosbaar is.” Innerlike skoonheid is soveel belangriker as die uiterlike, maar net soos grimering slegs ‘n masker is om jou mooi te laat lyk, so kan jy dalk ook ‘n mooi geestelike masker opsit. Innerlike skoonheid moet diep uit die hart kom sonder enige toneelspel of maskers!

As jy dalk gedink het dat hierdie gedeelte net vir vrouens geskryf is, moet jy

weer vers 7 lees, waar hy spesifiek vir die mans sê: “Net so, mans, moet julle ….. begrip toon vir hulle, ….. hulle as mede-erfgename van die gawe van die lewe, met respek behandel.” Hierdie is “heilige diplomasie,” waar die man wat nog gedink het dat hy die baas in die huis is, terdeë moet besef dat huweliksmaats gelykes in die huwelik is.

Inderdaad wys jou verhouding met jou huweliksmaat hoe jou verhouding met God lyk. As dit vir jou ‘n probleem is om te bid, moet jy dalk na jou huwelik kyk, of die probleem nie dalk

dáár lê nie! En as jou huwelik wankel, mag die éintlike probleem dalk in jou verhouding met God lê.

Gebed:

Here, help my om asseblief my huwelik kerngesond te hou!

12

Vrydag 25 November

# Lewensvreugde

# 1 Petrus 3:8-12

**VIDEO * OUDIO**

“Ten slotte”, skryf Petrus in vers 8, en daarmee sluit hy hierdie afdeling in sy brief wat handel oor ons verhoudings, af. Hy het gepraat met ons oor ons verhouding met die staat, ons werkgewers en ons huweliksmaats. Nou gesels Petrus oor ons verhouding met ons medemens in die algemeen.

Vandag se gedeelte is ‘n

sleutel tot ware lewensvreugde. Die woorde in vers 10: “Wie die lewe wil liefhê, en goeie dae wil beleef.....” is ‘n aanhaling uit Psalm 34:13-17. As jy hierdie jou lewensfilosofie wil maak, is daar sekere riglyne om te volg teenoor jou medemens. Volg jy hulle, verskaf dit jou nie alleen lewensvreugde nie, maar bring jou terselfdertyd nader aan die wil van God. Die riglyne is saamgevat in verse 8 en 9:

**Eensgesindheid**. By verskeie geleenthede is ek al aangevat oor sekere klemverskille waaroor mense in die kerk net

eenvoudig nie kan saamgestem nie, bloot omdat die Bybel nie duidelike riglyne daaroor gee nie. Eensgesindheid beteken dat ons vir mekaar ruimte gee oor ons verskille sonder om daaroor te stry of mekaar geestelik af te breek. Vergeet eerder van die verskille en vind aansluiting by dit waaroor ons saamstem. Sodoende bind die bande van eensgesindheid ons saam as 'n eenheid.

**Meelewend.** 'n Persoon wie se geliefde van haar weggeruk is deur die dood, het iemand nodig wat waarlik omgee om

haar deur hierdie droefheid by te staan. Dit moet iemand wees wat verstaan waardeur sy gaan, en daardie skielike alleenheid begryp. Medelye behels dat jy bereid moet wees om daar te wees vir so ‘n persoon. Deur maar net te luister en om ‘n skouer te wees op wie sy kan huil, beteken vir so ‘n persoon meer as wat jy ooit kan dink. Meelewendheid het ook ‘n ander sy, naamlik om ‘n ander se vreugde met hom te kan deel en om jubelend opgewonde te kan wees saam met iemand oor sy of haar groot vreugde.

Koos se seun het die eerste rugbyspan gehaal, en hy is baie opgewonde: “Baie geluk!” sê ek, maar ek stel nie rêrag belang nie, en Koos kan dit sommer in my houding sien dat hierdie belangstelling aangeplak is. Hy voel afgehaal, want ek was hoflik, maar my lyftaal verklap dat ek nie rêrag in sy opgewondenheid deel nie. Dink jouself in Koos se situasie in en voel sy borrelende vreugde. Wees dan opreg uit die hart uit bly saam met hom en wys dit met jou hele lyftaal. Koos sal voel dat daar mense is wat waarlik

omgee, en dit sal sy geloof versterk.

**Vol Broederliefde.** Hierdie begrip dek ‘n baie wye veld. Een voorbeeld van ‘n liefdevolle lewe is om nie op jou medemens se foute te fokus nie maar hulle eerder te bedek. Iemand wat oorgewig is wéét van haar probleem! Jy hoef nie vir haar te sê dat sy nou beter begin om reg te eet nie. Kyk liewer by haar probleem verby en probeer die mooi persoonlikheid sien. Vergeet van die foute en konsentreer op die persoon se sterk punte.

**Vol Ontferming.** Hierdie is dikwels ‘n baie moeilike een! Jy wil liewer nie ‘n ander se swaarkry raaksien nie, want dit laat jou skuldig voel. Ware ontferming of goedhartigheid roer jou binneste en dit maak jou hart en hand oop om te help waar jy kan. Sodoende leef jy God se liefde uit op ‘n praktiese wyse.

**Nederigheid.** As ek al goed op die geloofspad gevorder het, is dit tog so maklik om neus-in-die-lug te loop met ‘n “Ek’s heiliger as jy!” uitdrukking op jou gesig, net om te beklemtoon dat jy êrens op die

pad van heiligmaking gekom het. Jesus het eenmaal gepraat van die Fariseër wat so op die straathoeke staan en bid sodat almal kan sien hoe heilig hy is. Dalk is dit ‘n oordrewe hoogmoed, maar ons kan ook maklik op ‘n baie subtiele manier geestelike hoogmoed openbaar.

Ware nederigheid is om nooit te vergeet hoe klein en gering jy werklik voor God is nie, en dat alles wat jy in die lewe bereik het suiwer genade van God is. Jy moet duidelik besef dat jy selfs die geloofshoogtes wat jy bereik het nie verdien

het nie. Dit was nie jou eie goedheid nie, maar God het dit onverdiend vir jou gegee omdat Hy vir jou lief is.

Voordat Petrus die stempel van Psalm 34 opsit, sluit hy af met die hooftema van die brief, oor hoe jy op verontregting en kwaad moet reageer. Vir die ongelowige is dit totaal aanvaarbaar om iemand terug te kry as hy jou te na kom. Vir die gelowige is dit anders: draai die ander wang! Jesus het immers so gesê! God gee deur sy Gees vir jou die krag om verhewe te wees bo vergelding, en om eerder die

kwaad met ‘n seënwens te beantwoord.

Die boodskap uit Psalm 34 som hierdie gedeelte op met die woorde: “Wie die lewe wil liefhê, en goeie dae wil beleef ..... laat hy vrede soek en dit najaag!”

Gebed:

Here, hervorm asseblief my hart om vrede te soek en U wonderbare liefde vir my medemens aktief uit te leef!

13

Maandag 28 November

# Vergelding?

# 1 Petrus 3:13-17

**VIDEO * OUDIO**

Kort-kort is daar ’n storie in die koerante van iemand wat die een of ander aller-verskriklikste trauma deurgegaan het. En dan word ‘n instansie (gewoonlik die minister van wet en orde) gedagvaar vir miljoene oor die verskriklike onreg. Die verhaal loop gewoonlik so: die dame is rondgepluk deur ‘n verkeersman nadat hy haar

gestop het vir ‘n “geringe” verkeersoortreding. Aan die verslaggewer vertel sy snikkend en neusblasend van die verskriklike trauma waardeur sy moes gaan toe hy haar boonop nog gevloek het, en daarna selfs laat opsluit het! Jy kry die arme weerlose vrou so bitter jammer wanneer jy die droewige verhaal lees. Was die verkeersman se absoluut onnodige aggressie geregverdig?

Later verskyn die verkeersman se kant van die saak in die koerant. Die dame het roekeloos bestuur - iets moes

haar verskriklik ontstel het, want sy het geen beheer oor haar motor of haarself gehad nie. Hy het geen ander keuse gehad as om haar van die pad af te trek nie, want sy was 'n gevaar vir haarself en ander padgebruikers. Daaroor was sy woedend en sy het uit die motor gespring en op hom afgestorm terwyl sy hom met die verskriklikste vuil taal peper. Toe skop sy hom waar dit baie seer maak!

Natúúrlik hét hy haar aan die skouers gegryp en geskud om haar tot bedaring te bring, en natúúrlik hét hy 'n paar lelike

woorde gesê toe sy hom skop. Hy het nie ‘n ander keuse gehad as om haar in hegtenis te neem nie, want hy kon sien hier kom sommer gróót moeilikheid!

Wie was reg? Dis steeds ‘n ope vraag! Dis egter baie belangrik hoe jy verontregting in jou lewe hanteer. Jou optrede nadat jy te na gekom is, wys immers wie die baas in jou lewe is. Jou optrede word gewoonlik bepaal deur ander mense se optrede teenoor jou. Dit is natúúrlik en menslik! As iemand goed en gaaf teenoor jou is, is jy mooi met hom. Dis

baie maklik! Die bordjies word egter verhang wanneer iemand op jou tone trap, en dít omdat jy die regte ding doen! Jou reaksie is om dadelik op jou perdjie te spring!

Die oomblik as jy egter aggressief reageer, het jy klaar vir die ander persoon gewys dat jy toelaat dat hy jou afskrik van daardie pragtige voorneme om jou gedrag deur die Here te laat bepaal. Deur te probeer om jouself te vergeld, is jy eintlik besig om die baasskap of seggenskap van die Here in jou lewe weg te neem van Hom en dit te gee aan die

mense wat jou verontreg. Die Here vra van jou om aan te hou goed doen, maar as jy jou laat dwing deur slegte mense om terug kwaad te doen, wys jy dat jy hulle die seggenskap in jou lewe gegee het. Daardie heilige eerbied vir Christus die Here alleen (vers 15), wys dan nie meer in jou lewe nie.

Wanneer jy egter aanhou om goed te doen ten spyte van wat ander mense onverdiend aan jou doen, gaan daar 'n dag kom wat mense begin raaksien dat daar iets anders in jou lewe is. Dat daar 'n soort kalmte is wat jou dra deur al die aanslae

van ‘n onredelike baas of kollega. Mense gaan jou begin vrae vra: hoe kry jy dit reg om so koel en kalm, alles maar net soos water van ‘n eend se rug af te laat rol? Hoekom het jy hom nie al lankal woedend sy fortuin vertel nie?

Dan moet jy gereed wees met ‘n antwoord, want hier val vir jou die wonderlikste getuienisgeleentheid in jou skoot. Jou verhouding met Christus dra jou deur dit alles. Getuig met vrymoedigheid van wat Jesus alles vir jou beteken, want hulle het jou mos gevra om te getuig! Jy moet hier

egter ook uiters versigtig wees, want jy is nie verhewe bo enige persoon nie, selfs nie ‘n ongelowige nie. Juis daarom moet jy nóóit uit die hoogte ‘n getuienis lewer, asof jy beter is as iemand anders nie. Jou beskeidenheid moet wys dat dit God se krag is wat hier in jou optrede sigbaar is, en dat jy hierdie dinge uit eerbied vir God doen. Hy is immers die Baas in jou lewe.

Om terug te kom na die vrou en die verkeersman: sy het waarskynlik gekry wat haar toekom, want sy het die wet oortree en boonop die

verkeersman beseer! Die verkeersman, aan die ander kant, het die saak totaal verkeerd hanteer. Dinge kon só anders uitgewerk het as hy net kalm en rustig sy plig gedoen het sonder om fisies te raak en te vloek, want só kon hy die situasie ontlont. Sy optrede (alhoewel dit waarskynlik geregverdig was) het die situasie net vererger. Die oomblik as jy terug kwaad doen, het jy nie meer 'n skoon gewete nie. Dit gee ook vir mense 'n lat om jou mee te slaan, en dan verdien jy jou swaarkry. As jy jou egter laat lei

deur die Heilige Gees, en die onreg met ‘n vriendelike glimlag beantwoord, sal mense skaam kry oor hulle optrede. En die bonus is dat jy daardeur ‘n ambassadeur word vir Christus.

Gebed:

Here, dit is so bitter moeilik om nie kwaad met kwaad te vergeld nie. Maak my asseblief gewillig om U liefde uit te straal, selfs al word ek deur mense verontreg!

14

Dinsdag 29 November

# Spoke en Goeters

## 1 Petrus 3:18-22

**VIDEO * OUDIO**

Ek het al menigmaal die vraag gekry of geeste, spoke, goëlery en al hulle neefs en niggies ooit ‘n werklikheid is? In die Bybel word daar dan van spoke geskryf! Toe Jesus op die water na die dissipels toe aangeloop gekom het, was hulle vas oortuig daarvan dat Hy ‘n spook was, en hulle het gebewe van angs!

Ek was nog maar in die

laerskool, toe een van die plaaswerkers op ons plaas by Waterval Boven eendag vir my vertel het van die afkop-man wat snags hier op ons eie plaas rondsluip. Die sweet begin sommer klaar op sy voorkop uitslaan by die blote gedagte daaraan! "Hy ry op 'n perd," vertel hy my met verskriklike ontsag vir hierdie vreesaanjaende wese, "en dan klap hy sy sweep dat jy net sien vonke spat!" By die blote gedagte krimp hy inmekaar van vrees. "En dan verdwyn hy sommer nét so!" Die arme man kry skoon die papperellekoors!

“En jy het hom sélf, persoonlik, met jou eie twee oë gesien?” Ek is vol verwondering.

“Nee, nog nooit!” Hy is skoon verontwaardig. “Ek loop nie in die nag rond waar spoke is nie!”

Selfs op my jeugdige ouderdom glo ek nie sy storie nie, maar dit maak ‘n nuuskierigheid in my wakker. “En wat van die Tokkelossie? Het jy hom al gesien?”

Hy kry amper ‘n floute! Dáárdie man se naam mag nie eers uitgespreek word nie! Hy is bitter gevaarlik! Nee, hy het ook nog nooit die Tokkelossie

gesien nie, en hy wil ook nie! Maar mens weet nooit, jy kan nie te versigtig wees nie…..

Ek het die gedagte in my kop rondgemaal en sommer dadelik begin om my eie spookstorie op te maak. Daardie selfde naweek nog kom twee niggies uit Belfast, twee Bothatjies vir ons kuier, en ek wou my nuutgevonde talent op hulle uitprobeer. Ek doen my voorbereiding deeglik en in die ou "spookhuis" prakseer ek 'n "spook" van koerantpapier wat met 'n katrolstelsel opstyg.

Toe dit begin skemer word,

vertel ek hulle eers baie dramaties van die angswekkende spook op die plaas. Natuurlik byt hulle baie langtand aan my storie. Maar dan bied ek aan om hulle persoonlik die spook te gaan wys. In die halfdonker kom ons by die grillerige ou huis aan, en daar laat ek my koerantpapier-spook verrys. Al gillende van angs het hulle huistoe gehardloop terwyl ékke natuurlik kraai van pure lekkerkry!

In 1 Petrus 3:19 kry ons so 'n ou klein kykie in die angste van die mense van daardie dae.

Petrus praat van die “geeste in gevangenskap.” Ons kan eintlik maar net afleidings maak oor hierdie vreemde sinnetjie wat hy hier skryf. Ons moet onthou dat daar etlike boeke geskryf is in daardie jare wat deels fiksie, deels geskiedenis was, soos byvoorbeeld 1 Henog. Hier word onder meer geskryf van die “hemelwesens” waarvan ons in Genesis 6:1,2 lees. Die straf vir hulle verkeerde dade sou wees om êrens in ‘n onderaardse gevangenis opgesluit te wees. Mense het ‘n heilige vrees gehad vir

dáárdie hemelwesens, want as van hulle dalk per ongeluk ontsnap, was daar gróót moeilikheid!

Spoke en bose geeste was vir die mense van daardie tyd 'n groot werklikheid. Soos ons reeds gesê het, het selfs Jesus se intieme leerlinge ook aan spoke geglo, en hulle was baie bang vir hulle!

Petrus kom nou en besweer ons grootste vrese. Jesus Christus het nie alleen vir ons sondes gely en gesterf nie. Hy het veel meer as dit gedoen. Dikwels dink ons aan Jesus slegs as die Verlosser, die

Onskuldige wat die sondes van die skuldiges op Hom gedra het. Ja, natuurlik is dit waar, maar Hy het ook die dood en die hel oorwin. Toe Hy die dag uit die graf opgestaan het, het ‘n hele nuwe wêreld vir alle gelowiges oopgegaan. Maar daar is nog veel meer: Hy het nie net die dood oorwin nie, maar ook die bose. Petrus wil nou vir hierdie mense wat so vreesbevange is oor die onbekende, die “geeste in die gevangenis” wat hulle enige oomblik kan verslind, kom sê dat Jesus selfs hierdie “geeste” finaal oorwin het.

Vandag beteken dit dan ook vir my en jou dat Jesus selfs die "spoke" in ons lewens oorwin het. So ook die Tokkelossie en enige ander vorm van boosheid. Ek wil my nie uitlaat oor die vraag of daar wel sulke goed soos spoke is nie, want dit sal 'n lang bespreking uitlok waar ons maar net kan bespiegel. Die feit is egter dat geen gelowige ooit 'n vrees hoef te hê vir hierdie sogenaamde bose "wesens" nie, want daar is in die eerste plek géén mag of krag of bose engele of spoke of wat ook al wat buite die heerskappy van

Jesus Christus staan nie.

Petrus se hantering van die vrees vir die "geeste in die gevangenis" van gelowiges van daardie tyd, wys vir ons hoe ons vandag soortgelyke vrese moet aanpak. Vir baie mense is dit 'n realiteit, maar die Bybel is baie duidelik daaroor – die bose is oorwin en ons hoef geen vrese vir die bose te hê nie.

Is spoke nie dalk tog 'n werklikheid nie? Ek sal nie weet nie! Die feit is egter dat ons vir niks bang hoef te wees nie! Ons moet eerder die blye nuus bring dat Christus ál

hierdie bose dinge oorwin het. Hy is in beheer van alles en almal!

Gebed:

Dankie Here, dat ek rustig kan slaap sonder die vrees van enige bose magte. Al gaan ek ook deur die dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my!

# 15

## Woensdag 30 November

## **Lydingsvreugde**

## **1 Petrus 4:1-6**

**VIDEO * OUDIO**

Ds. Hennie du Toit was ‘n emiritus-predikant wat destyds hier in Ballito kom aftree het. Uiteindelik kon hy hier sy stokperdjie van houtwerk kom uitleef, en darem so af en toe nog ‘n ou geldjie verdien as hy op ‘n Sondag ‘n preekbeurt kon kry. Jare en jare se preke het aan hom ‘n oratoriese vaardigheid besorg wat maak dat jy net eenvoudig nie anders

kon as om te luister na wat hy sê nie.

Dáárdie Sondag het hy egter ‘n uiters besónderse preek gelewer, en ek het op die punt van my stoel gesit en hang aan sy lippe. Elke woord het my hart getref, en die ganse gemeente was diep aangeraak. Ná die diens smeer ek hom heuning om die mond oor sy mooi preek, maar nét daar knyp ds. Hennie my tjank skoon af! Hy is bitter ongelukkig oor my mooi woorde. “Weet jy Louis”, was sy ontstelde opmerking, “as iemand die dag vir jou vertel

hoe mooi jou preek was, dan moet jy begin bekommerd raak, want dan is daar êrens gróót fout!"

Ek was skoon afgehaal. Nou wat het ek dan verkeerd gesê? Eers later het ek besef dat 'n "mooi" preek gewoonlik die een is wat jou gewete streel. Dr. Peet Botha het soms in ons gemeente gepreek, en sommige mense het reguit gesê dat hulle nie kerk toe sou kom wanneer hy die dag preek nie, want hy het dinge gesê wat hulle nie graag wou hoor nie. Hy het sonde by die naam genoem, en hulle wou liewer

van liefde en genade hoor! Dit het hom egter min geskeel as mense hom verwerp het, want ek dink dat hy Petrus se woorde baie goed ter harte geneem het!

Petrus sê dat, omdat Jesus só onverdiend moes ly, is lyding vir die persoon wat ernstig is oor sy geloof ook onafwendbaar. Moenie dat lyding as gevolg van jou geloof jou onkant vang en moedeloos maak of in vertwyfeling laat kom nie. Dit moet eerder as 'n bewys dien dat jy met die sonde afgereken het. Dit is immers waaroor hierdie

paragraaf in Petrus se brief gaan. As jy eens ‘n roekelose lewe geleef het en tot bekering gekom het, moet jy verwag dat jou eertydse vriende jou gaan verlaat. Wees rustig daaroor, want hulle sal aan God moet rekenskap gee!

Die tipe lyding waaroor Petrus praat is dít wat jy moet verduur omdat jy aanhou om te doen wat God van jou vra. Dit is nie maklik nie, want van nature probeer ‘n mens enige vorm van lyding vermy, maar die dag as jy ‘n navolger van Jesus word, moet jy bereid wees om ook volgens God se wil te leef,

al beteken dit selfs dat jy ander mense se spot of verwerping moet verduur. Wanneer jy dít reggekry het, het jy eers werklik begin om met die sonde in jou lewe af te reken.

Jy moet besef dat daar met jou wedergeboorte ‘n totale nuwe regering in jou lewe gekom het. Eers was jy regeer deur jou eie menslike begeertes, aangevuur deur die duiwel, maar nou het God die regering oorgeneem. Volgens Romeine 6:15-20 staan jy nou in ‘n nuwe diens met ‘n nuwe dienskontrak en ‘n nuwe Eienaar. Jy gaan dus nie meer

saam met daardie stroom van losbandigheid waarvan in 1 Pet. 4:4 gepraat word nie. Jou lewe word nie meer oorheers deur uitspattigheid, begeerte, dronkenskap, brassery ens. (4:3) nie, en jou eertydse vriende vind dit baie vreemd dat hierdie soort van goed nie meer vir jou belangrik is nie.

En nou verlaat hulle jou!

Jy is nou nie meer bereid om mee te doen aan hulle sondige aktiwiteite nie, dus het jy (volgens hulle) 'n "godsdiens-dweper" geword. Jy moet besef dat jou omgekeerde lewe 'n aanklag is teen die dinge

waaraan hulle hulleself skuldig maak. Dalk laat dit hulle ongemaklik of skuldig voel en dit is waarskynlik een van die redes vir hulle giftige aanvalle op jou.

Moenie dat hulle gedrag jou van stryk bring nie! Byt vas! Hulle rekenskap voor God sal kom. As jy vir ‘n oomblik terugdink aan die gedeeltes wat ons in Openbaring gelees het oor die oordeel wat wag op diegene wat hardkoppig bly vasklou aan ‘n goddelose lewe, sal jy onthou dat dit afgryslik is, en dat jy dit vir niemand toewens nie. Onthou

terselfdertyd ook dat die oordeel nie joune en myne is nie, maar God s'n. Ons moet onsself dus nie probeer vergeld nie, maar liewer hulle bespotting doodlééf! Sodoende word ons ambassadeurs vir God. Wie weet, nét miskien is dit jou nuwe lewenswyse wat daardie einste spotter oorwen vir Jesus!

Ek het al baie preke in my lewe gehoor, selfs mense wat op straathoeke staan en preek vir enigeen wat daar mag verbyloop en dalk tog net 'n stukkie van die wonderlike Evangelie hoor. Relatief min

preke het egter al mense tot bekering gelei. Die beste preek óóit, is die stille preek van iemand wat leef volgens die wil van God ten spyte van teenkanting. Jy hoef niks te sê nie, maar jou dade en jou lewensvreugde verklaar dat God leef en dat Hy Meester van jou lewe is. Baie mense smag na die stralende lewensvreugde en vrede wat hulle in jou lewe sien, en kry 'n honger na só 'n lewe. As jy daardie honger in één persoon se lewe aangeblaas het, dan het jy reeds die doel in jou lewe bereik.

Gebed:

Here, maak my asseblief vandag ‘n lewende preek vir U!

16

Donderdag 1 Desember

# Die Einde Is Naby!

## 1 Petrus 4:7-11

**VIDEO * OUDIO**

Die Einde Is Naby! Petrus waarsku sy lesers om voorbereid te wees. Dit was 2000 jaar gelede geskryf, en die einde het steeds nie gekom nie. Was Petrus op 'n dwaalspoor toe hy dit gesê het? Johannes het óók gesê dat die einde in sig was, toe Hy Openbaring geskryf het. Selfs Jesus het sy dissipels laat verstaan dat Sy wederkoms

nie ver was nie. Hoe moet ons dit verstaan?

Inderdaad het Jesus vir Sy dissipels dit baie duidelik gestel dat niemand weet wanneer die einde gaan kom nie, maar dat jy elke oomblik gereed moet wees. Die einde kom soos ‘n dief in die nag! Elkeen van ons was al totaal onverhoeds gevang deur ‘n vriend of familielid se skielike, onverwagse dood, ‘n motorongeluk, ‘n hartaanval, ‘n beroerte…...

Hoe verander jy jou lewe as jy weet dat jou einde naby is? Natuurlik gaan jy probeer

opmaak vir alles wat jy in jou lewe verbrou het. ‘n Ongelowige gaan in sak en as sit en met groot angs nog ‘n bietjie tyd probeer uitkoop. In sy agterkop gaan die gedagtes maal: “Was die Christene nie dalk reg oor die hel nie?” Naarstigtelik gaan hy probeer om tog maar daardie verskrikking te ontkom. Die gelowige gaan die saak totaal anders benader.

As Petrus sê dat die einde naby is, praat hy met profetiese perspektief. Ja, inderdaad is die einde naby, en dit kan enige oomblik gebeur,

maar dit kan net sowel ook met die dood kom. Hy wil sy lesers aanspoor tot ‘n aksieplan om voorbereidings te tref vir die einde. Dit moet hulle nie paniekerig onverantwoordelike dinge laat doen nie, maar hulle moet die saak selfbeheersd en nugter benader “met die oog op gebed” (vers 7). Iemand wat paniekerig in sirkels hardloop kan nie rustig met God praat nie. Sy gebed is slegs noodkrete, en van ‘n rustige, intieme gesprek met God is daar géén sprake nie. As Petrus sê dat die einde in sig is, wil hy nie mense op loop

jaag nie, maar hy wil vir hulle troos gee in hulle lyding, dat al daardie swaarkry se einde in sig is. Uiteindelik gaan daar die Ewige Lewe wees!

Hoe lyk Petrus se aksieplan?

Die eerste stap is om selfbeheersd en nugter te wees. Beheer jouself voordat jy enigiets doen of sê. Vra eers vir die Here hoe Hy wil hê dat jy moet reageer. Nugterheid het vele betekenisse, een daarvan is om nie alkohol te misbruik nie. Dit beteken ook om ‘n goeie balans in die lewe te handhaaf en jou nie te laat oorheers deur enigiets nie.

Daar is talle dinge, wat nie noodwendig sleg is nie, maar ons lewens totaal kan oorheers: TV, werk, sport, stokperdjies ens. Daar moet balans wees in alles wat jy doen.

Die tweede stap is liefde. Dit het natuurlik vele fasette en Petrus noem slegs ‘n paar as voorbeeld. “Bo alles moet julle mekaar innig liefhê” (vers 8). Die woordjie “innig” beteken dat dit met volgehoue inspanning moet gebeur. Liefde is nie ‘n gevoel nie, maar ‘n daadwerklike aksie wat jy moet toepas. Innige liefde

beteken dus dat jy jou hele hart daarin sal sit en jou inspan om die liefde prakties en onophoudelik toe te pas, al gaan dit totaal teen jou hele natuur in. Dit is dus nie slegs om vir iemand te sê dat jy hom liefhet nie, maar dit moet ‘n praktiese liefde wees wat dinge vir mense doen. ‘n Goeie voorbeeld is Jesus se gelykenis van die barmhartige Samaritaan.

Die derde aksiestap is om gasvryheid uit te leef (vers 9). Gasvryheid beteken nie alleen dat jy kos of slaapplek vir vreemdelinge moet aanbied

nie, maar dit kring baie wyer uit. Hoe gasvry is jy in die kerk? Het jy jou paar Christenvriende, en vorm jy met hulle ‘n geslote groepie? Of probeer jy aktief ander mense betrek, selfs diegene wat gladnie gewild is nie? Het jou kerk en gemeente vir jou eksklusief geword of kring jou Christenvriendskap baie wyer uit, ook na ander kerkgroepe wat heeltemal anders as jy aanbid? En wat van ander geloofsgroepe?

Die vierde aksiestap is om diensbaar te wees. Party mense het baie talente of

gawes en ander min. Een so ‘n persoon wat toegegooi is met talente, is dr. Albu van Eeden van Dokters vir Lewe. Hy is nie alleen ‘n mediese dokter nie, maar ook ‘n predikant en sendeling wat dikwels uitreike doen na lande soos Angola om mense geestelik en liggaamlik aan te raak met die Evangelie.

Etlike mense het al vir my gesê dat hulle gladnie talente het nie. Die feit is dat elke mens talente het, selfs al is dit net om vloere te vee! Die voorbeelde wat Petrus noem is preek en diens (vers 11). Die groot geheim is dat jy dít wat jy

kan doen moet aanwend in diens van God - nie halfhartig nie maar met alles wat binne-in jou is. Sannie kan vetkoek bak, en elke Saterdag bak sy die beste vetkoeke in haar vermoë om fondse te genereer vir Bybelverspreiding. Piet is ‘n man wat opleiding het in die wêreld van finansies. Nou gebruik hy al die kennis wat hy deur die jare opgedoen het om die gemeente se finansies te bestuur.

Deur jou gawes van harte uit te leef vir God, raak jou lewe deursigtig sodat mense God deur jou kan sien en Hóm

daardeur verheerlik. Dan leef jy Jesus se opdrag in Mat. 5:16 uit wat sê: “Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik.”

Gebed:

Here, laat my asseblief elke dag leef asof dit vandag my laaste dag is!

17

Vrydag 2 Desember

# In Die Nuus

# 1 Petrus 4:12-19

**VIDEO * OUDIO**

**Rusland-Oekraïne konflik –** Die konflik tussen Rusland en Oekraïne duur alreeds meer as 9 maande! Statistieke van Reuters wat op 9 Oktober vrygestel is, lys die aantal ongevalle op 29 916 mense met 'n geskatte 14 miljoen ontheemdes.

Soos hierdie oorlog voortduur, is dit maklik om oorweldig te word deur 'n aardse

perspektief van wanhoop. As Christene is dit egter belangrik om te erken en te onthou dat die Here ten spyte van negatiewe aardse omstandighede nie verras word nie, en ook nie blind is vir die lyding van sy volk nie. Die Here gee baie om vir die mense van beide Rusland en Oekraïne en begeer dat elke persoon tot 'n punt moet kom om 'n behoefte aan verlossing te erken (1 Timoteus 2:3-4). Berig: INcontext Ministries.

**Burkina Faso -** Op Sondag 2 Oktober het Burkina Faso se afgesette militêre hoof, lt. kol.

Paul-Henri Damiba, ingestem om te bedank twee dae nadat mededingende weermagoffisiere, onder leiding van kaptein Ibrahim Traoré, sy afsetting aangekondig het.

Vanuit 'n Christelike perspektief het 'n pastoor in Burkina Faso gedeel dat die grootste uitdaging wat die land in die gesig staar terrorisme is, wat die hele land bedreig, maar Christene doelbewus geteiken het, met baie gevalle van pastore en ander gelowiges wat deur Islamitiese militante vermoor is, in hul kerke, in hul huise, sowel as op straat.

Berig: INcontext Ministries.

**Vervolg vir hulle geloof:** Statistiek vir 2021.

5 898 Christene vermoor vir hul geloof.

5 110 Kerke en ander Christelike geboue aangeval.

6 175 Christene aangehou sonder verhoor.

3 829 Christene is ontvoer.

In Afrika word 1 uit 5 gelowiges vervolg.

In Asië word 2 uit 5 gelowiges vervolg.

Berig: INcontext Ministries.

**Noord-Korea -** Noord-Korea is

al vir meer as 20 jaar bo-aan of naby aan die boonste posisie op die Wêreldwaarnemingslys. Enige Noord-Koreaan wat gevang word dat hy Jesus volg, is in onmiddellike gevaar vir tronkstraf, brutale marteling of die dood. 'n Beraamde 50'000 tot 70'000 Christene word in Noord-Korea se berugte tronke en arbeidskampe gevange gehou — dikwels wag dieselfde lot op die persoon wat gevang word se familie.

Die regering, wat deur die Kim-familie beheer word, beskou Christene as die gevaarlikste

politieke groepering van mense, en die vervolging is gewelddadig en intens. Noord-Koreaanse ouers steek dikwels hul geloof vir hul kinders weg, kerke bestaan slegs uit ŉ paar mense en aanbidding vind grootliks in die geheim plaas. Christene in Noord-Korea se lewens is ŉ konstante drukketel; slegs een fout kan tot gevangeneskap of die dood lei.

Wat het vanjaar verander? Weens die regering se sluiting van alle grense as ŉ voorkomingsmaatreël teen Covid-19 is Christene onder

nog meer druk. Die beperkte vermoë van sommige gelowiges om na Sjina te ontsnap vir hulp met voedsel en medisyne raak ook al moeiliker. Berig: Geopende Deure.

Die eerste drie berigte is deur INcontext Ministries en die vierde deur Geopende Deure, ‘n organisasie wat ondersteuning gee aan Christene in die verdrukking, en hulle beywer vir die insmokkel van Bybels in hierdie geslote lande, waar ‘n duisend Christene dikwels een enkele Bybel moet deel!

Petrus som die hele kwessie oor lyding vir jou geloof op in 4:12-19. In kort kom dit daarop neer dat jy nie verbaas moet wees as lyding vir jou geloof jou tref nie. Jy moet voorbereid wees daarop, en eintlik moet jy baie geëerd voel as dit jou tref. Om die waarheid te sê, is dit ‘n bewys dat jy deel sal hê in die heerlikheid van Christus met Sy terugkeer. Jesus het immers Sélf gesê: “Gelukkig is julle wanneer die mense julle om My ontwil beledig en vervolg en vals beskuldig van alles wat sleg is. Wees bly en jubel, omdat julle beloning

groot is in die hemele." (Mat. 5:11,12). Dit is nie deel van 'n mens se natuurlike geaardheid om bly te wees om in die lyding van Christus te deel, soos Petrus in 4:13 vra nie. As jy egter daardie vreugde kan ervaar ten spyte van vervolging, dan wéét jy dat die Heilige Gees in jou woon.

Mense wat kontak het met die Christene wat so wreed in die verdrukking staan, getuig van 'n borrelende lewensvreugde ten spyte van al hulle swaarkry. En as hulle hoor dat ons hier in die vrye Suid Afrika van hulle weet en vir hulle bid, is hulle

oorstelp van vreugde. Hulle vra slegs ons gebede om hulle deur die verskriklike beproewing te dra. Jy kom agter dat hulle doen presies wat Petrus vra, om nie jouself te probeer vergeld of deur jou vervolgers te laat dwing om die dinge wat hulle aan jou doen terug te doen nie, maar jou hele lewe toe te wy aan God, en aan te hou om goed te doen. Daardie Christene in die verdrukking is vir ons elkeen 'n voorbeeld van hoe om vervolging te hanteer.

Gebed:

Here, my hart gaan vandag uit

na die miljoene Christene wat daagliks wreed vervolg word. Maak my bewus van hulle lot en gee my empatie vir elkeen van hulle!

18

Maandag 5 Desember

# Die Brullende Leeu

## 1 Petrus 5:1-14

**VIDEO * OUDIO**

In Marloth Park kom daar vandag net af en toe van die gevaarlike groot katte kuier. Dit was egter nie altyd so nie, want voor die wildtuinowerhede kort na die groot vloed van 2000 ‘n woeste wildheining staangemaak het op die Krokodilrivier se walle, het die leeus baie makliker daar ingekom as wat vlugtelinge uit Zimbabwe oor

die grens kom. Baie stories het die rondte gedoen, stories wat dikwels ‘n man se nekhare laat regop staan. En meeste van hulle was waar!

Op ‘n keer ry een van die dorp se sekuriteitswagte laatmiddag op sy trapfiets op pad êrens heen om te gaan kuier. Dis al sterk skemer, en hy trap hard om voor donker by sy bestemming te kom. Die manne is gewaarsku om nie na skemer rond te loop nie, want die groot katte loop snags rond! Hy oorweeg sy opsies, en die partytjie weeg die swaarste! Sy wiele laat die

klippertjies spat om ‘n skerp draai op een van Marloth Park se kronkel-grondpaaie, toe daar skielik vlakvoor hom in die pad ‘n hele trop leeus lê! Die arme man skrik hom skoon in ‘n ander geloof in, en in een enkele beweging gooi hy sy ryding in die teenoorgestelde rigting en trap dat die speke sing. Die leeus is só totaal onkant gevang dat hulle nie eers probeer om hom agterna te sit nie!

Nadat hy ‘n entjie gery het, kom hy agter dat hy nie agtervolg word nie, en hy heroorweeg sy opsies.

Hoekom sal hy hom dan nou deur ‘n paar ou simpele leeutjies laat afskrik? Hy sal bloot ‘n ompad kies! En so klim hy weer op sy fiets, dié slag bra bewerig en met ‘n halwe ongemaklikheid agter sy ruggraat af. Hy ry met ‘n wye draai om die vuilbaarde. En toe gebeur dit wat niemand ooit sou verwag nie: vir die tweede keer dieselfde aand ry hy hom vas in dieselfde trop leeus! Ná hulle groot skrik, het hulle opgespring en in ‘n ander pad gaan lê. Hierdie slag is die kêrel minder gelukkig, en hy ry reg in die trop vuilbaarde in.

“Meals on wheels,” besluit een van die leeus en gryp die man aan die been. ‘n Sagte happie wat in jou bek val, is mos nie te versmaaie nie! Terwyl die arme man se angskrete weerklink, ry ‘n vrou in haar motor om die draai en sy sien dadelik wat gebeur. Sy jaag tussen die leeus in en verwilder hulle. Baie versigtig help sy die verinneweerde man op. Aaklige bytplekke aan sy been laat hom krul van die pyn. Hy word hospitaal toe gejaag, en is uiters gelukkig om te bly lewe!

Ja, inderdaad was daar slegs

‘n paar weke later iemand anders wat minder gelukkig was…….

Petrus skryf in vers 8,9: “Wees nugter, wees waaksaam! Julle teenstander, die duiwel, loop rond “soos 'n brullende leeu”, op soek na wie hy kan verslind. Hom moet julle teenstaan, standvastig in die geloof.”

Menige mense het al in Marloth Park die leeus as fabels, stories en valse gerugte afgemaak. Hulle was ‘n werklikheid! Ek het sélf met hulle te doene gekry! Selfs vandag nog gebeur dit soms dat ‘n leeu deur die heining

breek. Eweneens maak mense die duiwel af as ‘n versinning van mense se gedagtes. Daar is inderwaarheid selfs prominente teoloë wat die duiwel wegpraat as ‘n fabel. Hy is ‘n werklikheid en hy is bitter gevaarlik, net soos daardie leeus. Boonop is hy briesend kwaad, want talle van sy prooi is van hom “gesteel” deur Jesus Christus. Ek is een van hulle! So is daar talle ander sondaars wat uit sy kloue geruk is, net soos daardie sekuriteitswag in Marloth Park.

Dit gebeur dikwels dat onverskillige mense in die

wildtuin by leeus uit hulle motors klim. Sodoende tart hulle die dood, en sommige het al aan die kortste end getrek. Die duiwel laat ook nie met hom speel nie, en as jy met die duiwel se dinge heul, gaan jy ook tweede-beste daarvan afkom! Op ‘n radiopraatjie hoor ek eenmaal hoe ‘n vrou vertel dat sy ‘n heks is, en dat hulle eintlik baie goeie mense is, wat mense genees en goeie dinge doen. Dis duiwelswerk! Dis bitter gevaarlik!

Rig eerder jou gedagtes op God en volg die riglyne wat Petrus hier neerlê. As jy ‘n leier

in die gemeente is, wees dan toegewy aan jou taak om die kudde te versorg. As jy jonk is, wees aan ouer mense onderdanig. Wees nederig; help mekaar; onderwerp jou aan God; vertrou al jou bekommernisse aan Hom toe. In kort: leef jou liefde uit teenoor jou naaste sowel as teenoor God.

Drie dinge moet ons onthou:

1. Die duiwel en sy weermag sal alles in sy vermoë doen om jou as kind van God te probeer verlei, en inderdaad is hy nie 'n swakkeling nie maar 'n sterk brullende leeu wat

ongelowiges verslind.

2. Jesus het die oorwinning oor die duiwel behaal met Sy kruisdood. Alhoewel die duiwel gevaarlik is, kan hy jou nie uit Jesus se arms ruk as jy ‘n gelowige is nie.

3. Deur naby aan God te leef vergroot jy die afstand tussen jou en die duiwel, want in God se teenwoordigheid kan hy net eenvoudig nie bestaan nie.

Gebed:

Here Jesus, hou my digby U en hou my waaksaam teen die duiwel se slinkse verleiding!

# Deel 2

# Petrus se Testament

# 2 Petrus

19

Dinsdag 6 Desember

**Die Testament**

**2 Petrus 1:1,2**

**VIDEO * OUDIO**

Ek stap vanoggend in my kantoor in, en onmiddellik vang my oog ‘n dokument wat op my lessenaar lê. My oë rek groot as ek sien dat hy verseël is met ‘n outydse rooi was seël. Nou is ek baie nuuskierig, maar terselfdertyd huiwerig om dit oop te maak. Wat kan dit tog wees?

Ek tel hom op, kyk hom van alle kante af, weeg hom in my

hande, ruik en bevoel hom. Hy ruik baie amptelik, amper staatsdiens. Met bewende vingers breek ek baie versigtig die seël. Op die bros, vergeelde voorblad is daar in die mooiste gekrulde sierskrif geskryf: “Testament.” Nou is ek éérs nuuskierig!

Ek blaai die voorblad versigtig om, te bang dat dit dalk sal verkrummel! Op die tweede bladsy lees ek die naam: “Oom Simon.” Oom Simon? Ken ek vir Oom Simon? En terwyl ek nog so staan en wonder, spring die dik, swart letters onderaan die bladsy skielik uit, die naam:

“Louis Nel”, my naam. Mý naam! Maar dan is die testament mos aan mý uitgemaak! Is dit moontlik?

Met hande, bewend van opgewondenheid, blaai ek na die volgende bladsy. Watter asemrowende beloftes van groot rykdom hou hierdie testament nie dalk vir my in nie? En is dit wérklik aan mý wat hy alles bemaak? Daar staan dit in groot, vet letters geskryf: “Van Simon Petrus”, en weereens sien ek my naam ingeskryf in letters wat uit die bladsy wil spring: “Aan Louis Nel, wat deur die regverdige

beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ek ontvang het.” Dis mos ekke daai! Dis ék! Natúúrlik is dit ek, want ek hét mos ook daardie kosbare geloof ontvang!

Nou is ek so opgewonde, dat ek nie eers die details wil lees nie. Ek wil vinnig sien wat ek alles gaan kry. My oog vang sommer hier aan die begin al die woorde “kosbaarste en allergrootste.” Daar is skatte waarvan die waarde nie gemeet kan word nie. Nou is ek éérs opgewonde. Watse soort skatte kan daar vir my lê

en wag? In my gedagtes sien ek al die reuse kis met die swaar koperslot en ‘n sleutel van suiwer goud om dit mee oop te sluit. In my gedagtes steek ek die sleutel in die slot en draai dit stadig, versigtig …… die slot spring oop met ‘n klikgeluid. Met bewende hande lig ek die swaar deksel. Ek snak na my asem, want wat ek daar sien is onbeskryflik. Trane loop oor my wange, want so mooi het ek nog nooit gesien nie. Oopmond staar ek na die inhoud van die kis. Dis alles myne, mýne…..!

Dan word ek teruggeruk na die

werklikheid: Is daar óóit werklik skatte wat vir my wag? Ek blaai vinnig deur die testament om te sien waaroor dit alles gaan. “Alles wat jy nodig het om te lewe,” vang my oog. Werklik álles wat nodig is? Sjoe! Maar dan beteken dit mos dat ek nooit óóit weer enigiets anders sal nodig hê nie! Ek lees verder: “alles wat jy nodig het om God te dien”. Ai, ek sukkel júís so om God met my álles te dien. As ek mos nou alles het wat ek ooit nodig kan hê om te lewe, dan is dit mos vanselfsprekend dat dit baie makliker gaan wees

om God te dien. Kan daar dan nou nog meer wees, om dit nog makliker te maak? Maar wag! Wat is daar nóg?

“Ontvlugting van sterflikheid.” Die woorde spring uit die bladsy uit. My hart mis ‘n slag, en bons dan in my keel: Onsterflikheid! Dan het Oom Simon Petrus tóg die elikser van ewigdurende lewe ontdek! Nou kan ek my opgewondenheid net eenvoudig nie meer beteuel nie. Wat kan dit tog beteken? Is dit iets wat jy drink? Is dit dalk iets waarin jy gedoop word? Maar daar is nie nou tyd

om eers al die details te lees nie, want ek wil nog meer weet oor wat anders daar nog wag. Daardie kleinskrif sal ek wel later lees.

So in die verbygaan lees ek iets van “deel kry aan God se natuur,” en vir ‘n oomblik slaan dit my tussen die oë. Hoe is dit moontlik? Dit kan tog sekerlik nie waar wees nie? God is dan so ver en verhewe en onmeetbaar! Oom Simon kan tog seker nie ernstig wees hieroor nie? Net ‘n paar lyntjies laer af lees ek: “vrye toegang tot die fees in God se Koninkryk.” Nee, nou gaan

Oom Simon darem te ver. Ek kan dit nie glo nie! Hoekom sal God mý, doodgewone ou Louis, dan nou uitnooi na Sy groot fees? Wat het ek dan gedoen om so ‘n groot eer te verdien? Maar sê nou net….. sê nou net hy ís ernstig! Sê nou net dit is wérklik so! Sal dit nie wonderlik wees nie! Wat sal ek aantrek?

Tot my ontsteltenis merk ek dat ek nog steeds slegs op bladsy een is, en al hierdie wonderlike dinge is al genoem. Ek blaai vinnig tot by die laaste bladsy, en daar sien ek dit: "'n nuwe, volmaakte hemel en aarde."

My gemoed skiet vol. Oom Simon Petrus het ook aan álles gedink!

Skielik sien ek nog ‘n blaadjie in die koevert saam met die testament. My oë rek groot as ek dit lees: “Die skatte in Simon Petrus se testament is fabels. Hulle bestaan net in mense se gedagtes!” Verder skryf die persoon: “Jou naam is nie werklik daarin nie, dis net jou eie verbeelding!” Woedend frommel ek die lasterlike notatjie op, trek ‘n vuurhoutjie en verbrand dit. Dadelik besef ek dat die duiwel hierdie nota ingeglip het om my van stryk te

probeer bring. Watter snert! Natuurlik is die testament eg! Ek wéét dit! Die Bybel leer my dit, en ek wéét mos dat die Bybel die Woord van God is!

Gebed:

Dankie Here, vir ‘n wonderlike, bemoedigende brief wat Petrus vir my geskryf het. Dankie vir al U wonderlike beloftes in die Woord, en dat ek vanoggend verseker kan weet dat elkeen waar is!

20

Woensdag 7 Desember

# Quo Vadis?

## 2 Petrus 1:1,2

**VIDEO * OUDIO**

Dis die jaar 68nC. In Rome verlekker bloeddorstige Romeine hulleself by die vertoning in die Kolosseum waar Christene wreedaardig lewendig opgevreet word deur leeus. In die volgende vertoning word ‘n groep Christene koelbloedig deur swaargewapende gladiators vermoor. Die jillende skare por die gladiators aan om die

weerlose mense nóg wreder te laat sterf!

Christene word genoop om 'n ondergrondse lewe in Rome te lei uit vrees dat iemand hulle dalk sou herken as Christene. Dis bitter moeilik om jou nuutgevonde geloof in Jesus weg te steek! Jy durf met niemand daaroor praat nie, want dalk kom dit by die verkeerde ore uit en dan staan jy kans om 'n lewende fakkel te word! Talle Christene is só met teer gesmeer, aan 'n paal vasgebind en aan die brand gesteek om die strate te verlig vir 'n spottende skare mense.

Om uit te vind of die persoon met wie jy staan en gesels ook ‘n gelowige is, het jy maar so ongemerk met jou kierie in die sand ‘n vissie geteken. Slegs Christene het hierdie teken herken. Die Griekse woord vir “vis” is **ICHTHUS**, en dit spel die eerste letters vir “Jesus Christus, Seun van God, Verlosser” in Grieks.

Natuurlik is die groot visserman, Petrus ook êrens in die stad. Hy kruip weg vir die Romeine, maar dikwels waag hy sy lewe om die Woord te verkondig, onverskrokke soos ons hom leer ken het deur die

jare. Maar nou begin dit hééltemal te gevaarlik raak. Sy vriende het hom al by verskeie geleenthede gewaarsku om liewer te vlug, want Nero soek sy bloed! Nou is dit dalk ‘n baie goeie tyd om te vlug, want die wrede keiser is op reis in Griekeland.

Petrus pak sy karige besittings en begin stap. Waarheen? Weet nie! Net weg uit hierdie verskriklike stad uit. Voor hom doem die stadspoorte op. En vryheid! Skielik skrik hy hom yskoud, want in ‘n visioen sien hy Jesus in die stadspoort staan! Dan loop Jesus hom

tegemoet.

Met ‘n bewende stem vra Petrus: “Quo vadis, Domine?” Waar gaan U heen, Here?

“Ek kom na Rome om hier gekruisig te word,” antwoord Jesus.

Skielik het Petrus die antwoord op sy lewe! Nét daar draai hy in sy spore om en loop terug die stad in, gereed om sy dood tegemoet te gaan! Enkele dae later word hy gekruisig, nes sy Meester daar op Golgota. Maar op sy eie versoek word hy onderstebo gekruisig, want hy is dit nie waardig om op dieselfde wyse as die Heilige

Jesus gekruisig te word nie.

So lui die Quo Vadis-legende. Of dit waar is, is nie seker nie. Dis egter ‘n oorlewering wat vir die waarheid vertel word, en ‘n baie mooi verhaal wat jou hoendervleis gee!

Petrus het hierdie tweede brief geskryf slegs ‘n kort rukkie voor sy wrede dood. As ons daaraan dink dat hy enige dag sy dood verwag het terwyl hy besig was om hierdie brief te skryf, dan is dit merkwaardig, want dis propvol lewenslus, hoop en liefde. Dit maak nie sin nie! As dit ek was, sou jy my jeremiades en bittere

selfbejammering elke dag in my briewe gelees het!

Petrus begin die brief deur homself bekend te stel as Simon Petrus. Waarom dan twee name? As ons gaan delf in sy geskiedenis, sien ons in hom twee persoonlikhede, byna twee verskillende mense! Die eerste is Simon wat ons leer ken het as die oorhaastige, impulsiewe dissipel wat gepraat en gedoen het voordat hy gedink het. Die ander een is die Petrus-rots wat bely het dat Jesus die Seun van God is. Ons onthou die Simon wat in doodsangs vir

die diensmeisie gelieg het en heftig ontken het dat hy óóit vir Jesus geken het. Maar dis presies dieselfde Petrus wat later onverskrokke die Evangelie verkondig het, en selfs die Joodse Raad aangevat het hieroor. In hierdie brief verduidelik Petrus sélf vir jou hoe om van ‘n “Simon” na ‘n “Petrus” te verander. Ja, dis wél moontlik, dit kán gebeur!

Daar is egter ‘n kloof tussen my en Petrus. Hy het dan vir Jesus persoonlik geken! Hy was ‘n apostel, en hy het selfs op water geloop! Waar kom ek dan nou in? Ek en jy het

presies dieselfde kosbare geloof as Petrus. Geloof was die groot krag in Petrus se lewe, en deur die werk van die Heilige Gees sien ons hoedat hy groei en uitstyg in sy geloof. Ons kan op presies dieselfde manier groei, want dieselfde Heilige Gees gee ons die krag. Natuurlik het ons boonop ook vir Jesus elke dag by ons!

Dan is daar boonop hierdie wonderlike seënwens wat Petrus oor ons uitspreek: “Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here!” Asemrowend! Dis

egter nie maar net ‘n wens of ‘n versugting nie, maar ‘n werklikheid! Die feit is dat hoe meer jy jou inspan deur Bybelstudie, gebed, oordenking en toewyding om God en sy wil te leer ken en uit te leef, hoe meer gaan jou oë oop vir die wonderlike genade van God. Dan sien jy hoedat Hy gedurigdeur besig is in jou lewe. As jy dít begin ervaar, kry jy ook daardie wonderlike vrede, want jy weet dat God in alle omstandighede by jou is, en dat niks, absoluut níks jou van God se liefde kan skei nie!

Gebed:

Dankie Here, vir die wonderlike voorbeeld van Simon Petrus. Maak my asseblief elke oomblik bewus van U teenwoordigheid en krag in my lewe!

21

Donderdag 8 Desember

# Geskenke!

## 2 Petrus 1:3,4

**VIDEO * OUDIO**

Suzette stap haar kantoor binne, dan steek sy vas en gee ‘n klein gilletjie. Op haar lessenaar lê ‘n geskenk, toegedraai in kleurvolle geskenkpapier en met ‘n reuse strik om. Skielik raak hierdie volwasse beroepsvrou soos ‘n klein opgewonde dogtertjie by ‘n kersboom, en sy borrel van pure opgewondenheid. Eers word die geskenk om-en-om

gedraai, bevoel en beruik. Dan word die lint met groot omsigtigheid afgehaal. Sy is uitgelate en vrek van die nuuskierigheid, maar sy is nie oorhaastig nie. Pynlik stadig skil sy die geskenkpapier stukkie vir stukkie van die geskenk af sodat sy elke oomblik daarvan kan geniet. Die vreugde, bewondering en tevredenheid straal uit haar gesig as sy die geskenk van alle kante bekyk en bewonder. Sy begin beplan waar om dit te plaas sodat dit die mooiste sal vertoon in haar huis.

Raak jy nog opgewonde oor

geskenke? Inderdaad het ek al mense gesien wat met ‘n lang, suur gesig ‘n geskenk oopmaak om dit dan ontevrede eenkant neer te sit. Hy wou eintlik iets hééltemal anders gehad het, en nou kom staan gee hulle hom hierdie “nuttelose” ding!

Is dit nie so dat ‘n mens só dikwels slegs fokus op die dinge wat jy nié het nie? Jou gebreke en tekortkominge is vir jou só prominent dat jy totaal blind raak vir al die wonderlike geskenke wat God jou wél gee. Jy bly dikwels soebat by God om ‘n sekere ding vir jou te

gee, en dan raak jy suur en verbitterd as dit nie gebeur nie. Soveel só, dat jy gladnie al die ander dinge raaksien wat Hy jou wél so mildelik gee nie!

Natúúrlik sal God jou nie alles gee waarvoor jy vra nie. Gee jy vir jou kind elke ding waarvoor hy vra? Baie beslis nie! Watter ouer sal dit tog doen? Tóg voorsien God wel alles wat jy nodig het om te lewe en Hom te dien (2 Pet. 1:3). Voordat jy verder hier lees, maak eers ‘n slag jou oë toe en dink ‘n bietjie na oor alles wat jy al van God ontvang het. Besef net weereens hoe groot hierdie

skat werklik is wat jy gekry het!

Ek dink jy sal saamstem dat die deel van jou erfporsie wat jy alrééds van God ontvang het jou verstand te bowe gaan. Die vraag is egter of ons ál die geskenke wat Hy gee ten volle gebruik? Ek het al geskenke van mense ontvang wat ek daar êrens in 'n kas gebêre het, en vir jare nooit eers daarna gekyk het nie. Dan eendag ontdek ek weer die geskenk, en eers dán kom ek agter hoe nuttig dit werklik is! So is dit dikwels ook met die geskenke wat God ons gee: ons bêre dit en vergeet totaal

daarvan. ‘n Voorbeeld van so ‘n wonderlike geskenk wat deur die meeste gelowiges in ‘n donker kas gebêre word, is die heerlike samesyn met ander gelowiges. Om saam te kan sing, kuier, gesels en mekaar se geloof te versterk, is seker een van die grootste geskenke óóit. Een enkele kooltjie langs ‘n vuur koel gou af, en voor jy kan sê: “Houtskool!” is sy fut uit. ‘n Hele hoop gloeiende kole is egter ‘n héél ander saak, en as jy jou vuurtjie met Hardekool, Rooibos of Mopanie gemaak het, sal daardie kooltjies dalk

vir dae lank nog vuurwarm gloei, want hulle broei mekaar warm. Medegelowiges is ‘n kosbare geskenk! Moenie dit versmaai nie!

In vers 3 skryf Petrus dat ons die geskenke van God kry om twee redes: Om te lewe, en om Hom te dien. Hierdie kan ook vertaal word met: “om Godvrugtig te wees” of “om in ‘n intieme, persoonlike verhouding met God te leef.” Hoeveel van ons leef werklik in so ’n verhouding met Hom? Soveel mense het al vir my geskryf dat hulle nie kan bid nie, en dat dit voel asof hulle

gebed teen die plafon vasslaan en God hulle gladnie hoor nie. As jy in ‘n intieme verhouding met God leef, sal dit nooit óóit gebeur nie, want dan sal jy jou ore oophou om Sy stem te hoor.

Dink so daaraan: jy is eintlik een van die mees bevoorregte mense op aarde, en ook een van die rykstes! “Maklik vir jou om te praat!” sal jy dalk sê. Eerstens het jy die wonderlike voorreg om vir God persoonlik te kan ken. As jy ‘n Bybel het, is daar alreeds vir jou ‘n skatkis wat wawyd ooplê en oorloop van die kosbaarste juwele

waaraan jy kan dink! Uit hierdie skatkis leer jy vir God intiem ken, en sien jy wat Hy alles alreeds vir jou gedoen het. Hieruit leer jy ook van die grootste geskenk van alle tye, toe God sy enigste Seun, Jesus gegee het om te kom betaal met Sy lewe vir die sondes van elkeen wat bereid is om maar net in Hom te glo. Ons leer ook van die Heilige Gees, dié Een wat vir ons krag, wysheid en insig gee om te kan lewe in daardie persoonlike verhouding met God. Dit is ook Hy wat vandag vir my en jou hierdie boodskap

van hoop en blydskap kom gee.

Onthou jy nog die ou Sondagskool liedjie: “Tel jou seëninge, tel hul een vir een, seëninge jou deur God geskenk! Tel hul almal, kyk wat God verleen, en jy sal verbaas wees oor wat God jou skenk!” Kom ons tel vandag al daardie wonderlike geskenke van God, en leef dit voluit!

Gebed:

Dankie vir al die wonderlike geskenke wat ek deur die jare van U ontvang het, Here. Maak my asseblief opreg dankbaar daarvoor, en leer my hoe om

hierdie dankbaarheid uit te leef tot U eer!

# 22

# Vrydag 9 Desember

# **Één met God**

# **2 Petrus 1:4**

**VIDEO * OUDIO**

‘n Klompie jare gelede besluit ‘n groepie van ons om deel te neem aan ‘n wildernis staptog deur die Umfolozi wildtuin. En só kom dit dat ons sestal vriende daardie oggend met dagbreek saam met twee wildbewaarders op die wal van die Wit Umfolozi staan. “Trek uit julle skoene,” word ons aangesê, want voordat ons die wildernis kan ingaan moet ons

eers hierdie breë rivier deur, en die stof van die beskawing van ons voete afwas. Almal is opgewonde! Wat gaan ons daar anderkant aantref? Dit klets en gesels en babbel. Maar weldra raak dit stil as ons dieper die bos instap, en begin deel word van hierdie onbeskryflike verlatenheid. Dit is wildernisgebied, onaangeraak en verlate van enige ander mense en van die beskawing, maar tóg propvol van die natuur en sy wondere. Eers loop ons maar blindelings agter die wildbewaarder aan, maar soos die dag vorder leer

ons om deel te word van die natuur. Die geur van bossies; die gevoel van grasse en blare teen jou vel; die briesie wat deur jou hare roer; die musikale klanke van voëls; die varsheid; die onbeskryflike mooi wat jou omring. So begin ons en die natuur saamsmelt tot een wese.

As ons later die oggend tromp-op teen 'n nors renoster vasloop, en skaars durf asemhaal in sy reuse, grimmige teenwoordigheid, maak ons onsself klein agter 'n dun boompie sodat hy ons nie kan sien nie. Dan besef jy dat

jy nou wáárlik deel van die natuur geword het. Jy smelt so weg in die bos dat selfs die diere jou nie meer as mens herken nie.

Kennis van God is nie maar net inligting oor God nie, net soos kennis van die veld beslis nie alleen boekekennis is nie, maar ‘n praktiese belewenis daarvan, en ’n een-word daarmee. God deel ook nie net sekere feite oor Homself aan jou mee nie, maar Hy deel Homself met jou. Jy kry, met ander woorde deel van Sy natuur. Nee, natuurlik beteken dit nie dat jy God word, soos

sommige mense wél glo nie. God behou Sy Goddelike persoon, maar Hy wil hê dat jy só deel van Sy natuur sal word dat jy in werklikheid soos Hy begin word.

Wat ’n geweldige gedagte! Dinge wat onmiddellik in jou gedagtes opkom is God se krag, deug, wysheid, heerlikheid, ewigheid en regverdigheid. Dan is daar verder Sy almag, liefde en goedheid. Jy kan in al hierdie wonderlike dinge deel! Deur God te ken, het jy alreeds begin om te deel in hierdie wonderlike gawes.

O, natuurlik is daar baie struikelblokke op hierdie pad na jou einddoel van volmaaktheid. Tydens ons stap in Umfolozi is ons tot stilstand geruk deur die geweerskote van wildstropers. Skielik het ons prentjie van ’n absoluut ongerepte natuur verander na een waar die bose sy wrede tande kom inslaan het. Ons moes maar net besef dat alles nie volmaak is nie, en dat daar bose magte is wat die balans in die natuur kom bederf!

Net soos die verderf in die wildernis ingesluip het, so is daar ook die liederlike verderf

wat in die geestelike wêreld werksaam is. Dood, verganklikheid, tydelikheid, ontaarding en verrotting het deur die sonde deel van die lewe geword. Hierdie dinge is beslis nie ‘n beeld van die Vlekkelose God nie. Dit is veral begeertes wat alles kom bederf. Seker die belangrikste gebod wat God vir Moses gegee het, is dat jy nie mag begeer nie. Sondige begeertes is die grootste gif in die mens se gestel, want dit lei tot allerhande onheilighede. In die wildtuin is dit die begeerte na renosterhoring in Sjina saam

met mense se begeerte na rykdom wat die manjifieke renoster laat sneuwel. In die geestelike lewe is dit ’n magdom van verkeerde begeertes wat daagliks ons lewe bedreig: rykdom, mag, die vleeslike, pornografie, dwelms, populariteit en nog baie meer. Al hierdie dinge staan tussen ons en die volmaakte lewe waar ons soos God kan wees. En die sidderende gedagte is dat hierdie dinge kan lei tot die uiteindelike geestelike dood!

Hoe kom ek daarvan weg? Deur heeldag my gedagtes daarop te fokus, en te dink aan

maniere om dit te ontsnap? Nee, dit maak jou eerder ‘n slagoffer van die verkeerde dinge. In Umfolozi was die wildstropers wel vir ‘n kort rukkie ‘n besprekingspunt, maar toe konsentreer ons weer op die belangrike deel, om die ongerepte natuur in te drink en elke druppeltjie daarvan deel van ons te maak. Nét so is die antwoord om te ontvlug van jou verkeerde begeertes, om te fokus op jou kennis van Jesus Christus en om jou verhouding met Hom ten volle uit te leef. Drink die wonderlike gawes in wat Hy vir jou gegee het. Spits

jou lewe toe op die mooi en positiewe dinge. Lees gerus weer hoe Paulus in Filippense 4:8 beklemtoon dat jy jou gedagtes op die positiewe moet rig. Hoe meer jy leef vir God, en hoe meer jy streef daarna om slegs die goeie dinge te doen, hoe minder sal daar plek wees vir die slegte begeertes in jou hart. God het jou ‘n roeping gegee: om te word soos Hy. Streef dit na met elke greintjie van jou krag.

Gebed:

Here, maak my al meer soos Uself. Heilige Gees, vul my hele lewe met U heiligheid!

# Maandag 12 Desember

## Voer jou Geloof

## 2 Petrus 1:5-7

**VIDEO * OUDIO**

Ek veg my pad oop deur die bykans ondeurdringbare woud. My hele lyf is al vol rooi knoppe soos muskiete en ander insekte my voos gebyt het. Dit voel die hele tyd asof ek dopgehou word iewers uit die digte blare. Dalk ‘n roofdier? Of iemand met die giftige pyl en boog?

Skielik merk ek iewers daar voor ‘n ligskynsel in die donker

woud. Is dit uiteindelik my bestemming? Is dit die paradys waarna ek so hard soek? Ek beur met nuwe ywer vorentoe. En dan maak die woud skielik voor my oop. Hier voor my voete ontvou ‘n oopte in helder sonskyn, en oorkant dit, die paradys waarna ek so hard smag!

My aandag word egter vasgevang deur hierdie oopte. Dit is besaai met ál die begeerlikste dinge: goud, edelstene, diamante! ‘n Asemrowende skat wink daar vir my as ek dit sou waag om deur te loop. Die probleem is

egter dat die hele oopte bedek is met drillende dryfsand!

Die eerste treë wat ek gee, begin my voete alreeds stadig wegsink in die oppervlak, maar ek beur voort want ek móét by daardie asemrowende skat uitkom! Ek stop my sakke vol goud en edelstene terwyl ek voel hoedat die pappery my stadig insuig. Ek gryp na die begeerlikste diamant waarvan jy ooit kan droom. Maar dan voel ek hoedat die dryfsand my verswelg. En dis vrot! Dit stink!

Dan besef ek dat dit al die goud en edelstene is wat my onder trek. Dit word ‘n

oorlewingstryd! As ek lewendig hier wil uitkom, moet ek van alles ontslae raak. Ek maak my sakke leeg, beur, swem, strek, steun en gryp na elke grashalmpie. Uiteindelik, met ‘n laaste kraginspanning, sleep ek myself uit die aaklige, stinkende pappery, en dan is ek skielik in die wonderlikste paradys waaroor jy kan droom!

Ons het die afgelope paar dae gesien hoedat ons die verderf kan ontsnap en deel kry aan ‘n Goddelike natuur. In vers 4 sien ons dat hierdie een enkele beweging is, van totale hooploosheid na die paradys.

Terwyl jy vlug van die verderf, moet jy egter alles in die stryd werp om die geloofskennis wat God jou gegee het in jou lewe tot volle betekenis te laat kom. Op die pad is daar allerhande wêreldse begeerlikhede wat jou kan laat ontspoor, en juis daarom vra dit van jou harde werk en dikwels om baie dinge te moet prysgee.

Jy sal egter ontdek dat hoe meer ywer jy aan die dag lê om jou geloofskennis te versterk, hoe minder sal die invloed van die sondige begeertes op jou lewe wees. Jy beveg dus die negatiewe deur die positiewe

te doen. Petrus verduidelik dit met ‘n “deugdelysie.” Jy kan baie ander dinge ook hier invoeg soos dit op jou lewe van toepassing is. Sy uitgangspunt is egter “geloof,” want sonder daardie “deug” is al die res van géén waarde.

Geloof is natuurlik ‘n geskenk van God deur die Heilige Gees, en dit kan jy nooit, óóit verdien nie. Geloof kan ook nie meer word deur byvoorbeeld nóg geloof by te voeg nie. Jy hét dit, óf jy het dit nie! Dit kan egter versterk word en groei. Deur my plante kunsmis en kompos te gee, blom hulle baie

mooier. Net so kan jou geloof ook blom as jy dit “kunsmis” gee. Maar net soos jou plante nie van stikstof alleen kan lewe nie, so het jou geloof ook gebalanseerde kos nodig.

Die eerste wat Petrus noem is **Deugsaamheid**, oftewel geloof in die praktyk. Geloof mag nooit net ‘n teorie bly nie, maar jy moet dit prakties uitleef (Galasiërs 5:22).

Deugsaamheid loop egter hand-aan-hand met **kennis**. Jy kan tog nie jou geloof prakties uitleef sonder dat jy weet waaroor dit gaan nie! Lees, studeer, sluit aan by ‘n

Bybelstudiegroep, neem deel aan kursusse en seminare, gesels oor geloofskwessies met ander persone, kry ‘n goeie Bybelkommentaar en gebruik dit. Geloofskennis is van uiterste belang om jou geestelik te laat groei.

Nog ‘n belangrike bestanddeel van hierdie “bemesting”, is **selfbeheersing**. As jy eers die kennis het, is die praktiese uitvloeisel dat jy sal dóén wat jy geleer het. Weerstaan die versoekings wat jou pad kruis. Net soos ‘n atleet selfbeheersing moet toepas, oefen en reg eet om sy

liggaam topfiks te hou, moet jy dit ook geestelik toepas.

Hand-aan-hand met selfbeheersing, is **volharding**. Dit vra van jou om nie maar net eenmaal die regte ding te doen nie, maar aan te hou daarmee. **Deursettingsvermoë** is die sleutelwoord.

Die volgende bestanddeel wat Petrus noem is **Godsvrug**, oftewel om naby aan God te leef. Dit is ‘n doelbewuste lewe in God se teenwoordigheid. **Spiritualiteit**, is ‘n mooi woord hiervoor.

Natuurlik kan al hierdie dinge nie geskied sonder dat daar

hope liefde by betrokke is nie. Allereers liefde vir God, maar dan is liefde vir jou medemens en veral jou mede-gelowiges ook van uiterste belang. Dit beteken dat jy waarlik omgee vir jou broers en susters in Jesus, maak nie saak wie of wat hulle is nie. Maar dan ook liefde vir my medemens, al is hulle nie-gelowiges, Moslems, Hindoes of selfs voorvaderaanbidders! Dit kan soms maar moeilik wees, en so ‘n liefde is ‘n ware beproewing vir jou geloof. As jy egter na Jesus se voorbeeld kyk, sien jy hoedanig liefde

werklik moet wees.

Kom ons voer vandag ons geloof sodat dit die mooiste bosse blomme kan dra tot eer van God!

Gebed:

Dankie vir die geloof wat U my gegee het Here, help my asseblief om dit met volharding te voed!

24

Dinsdag 13 Desember

**Geblinddoek deur die Lewe**

**2 Petrus 1:8-11**

**VIDEO * OUDIO**

Die driedubbele swart blinddoek klem pynlik oor my wange. Die blinddoeker wou dood-dóódseker maak dat ek nie kan koekeloer nie. Ek tas rond in die pynlike gitswart donker. ‘n Koor van stemme koggel my al giggelend. Almal lag. Hulle lag vir mý, die armsalige blindemol! Wanhopig gryp ek, dán hierdie kant toe, dán dáárdie kant toe, net waar

ek een van daardie verfoeilike stemme hoor. Iemand gaan boet! ‘n Meisiestem protesteer ontevrede as een van haar maters haar vorentoe stamp in my rigting. Dan volg ‘n algemene gestampery en almal lag, nou nie meer vir my nie, maar vir mekaar. Vir ‘n oomblik is hulle oplettendheid verslap, ek hoor dit sommer dadelik. Nou moet ek my kans waarneem! Ek spring blindelings sywaarts en gryp wild in die lug rond. Iemand se arm doem in die pikdonker op. Ek klou vir al wat ek werd is terwyl ek my uit die blinddoek

loswurm. “Het jou!”

Onthou jy nog? Blindemol! Goeie ou dae daardie, toe ‘n kind nog kon speel en lag. Blinde speletjies was baie gewild: Daar was byvoorbeeld “Kietsie miaau”, waar die geblinddoekte baie fyn moes luister. Iemand in die kring sê “Miaau”, terwyl hy sy stem probeer vermom, en jy moet raai wie dit was.

Maar blindespeletjies het ‘n mens iets geleer in die lewe, van hoe belangrik dit is om te kan sien. Jy moes leer hoe verskriklik afhanklik jy is van jou sintuie. ‘n Blinde persoon

leer om daarmee saam te leef, en hy kompenseer baie gou, want as hy dit nie doen nie is hy verlore. Wanneer ‘n siende persoon egter van sy sig beroof word, soos met ‘n blinddoek, dan is hy wáárlik in die duister - totaal verlore!

Só, sê Petrus is die gelowige wat ‘n passiewe geloofslewe het. Daardie persoon gaan geblinddoek deur die lewe, en meeste van die tyd het hy, geestelik gesproke, nie ‘n benul van waar hy is nie! Hy struikel oor die kleinste ou geloofskrisis-klippie, want hy kan dit nie betyds raaksien nie.

Die afgelope paar dae het ons gesien hoe Petrus hamer op die belangrikheid van ‘n Godvrugtige lewe. Dit begin met kennis van die Here Jesus Christus en dit spiraal op soos in ‘n goue trapleer van geloofsverryking. Dit is ‘n nimmereindigende proses waar elke stukkie geloofskennis jou weereens bring by verdere geloofsverryking. Deugsaamheid, kennis, selfbeheersing, volharding, liefde en spiritualiteit is almal ‘n integrale deel van daardie proses, só het ons gesien.

Hierdie proses begin by kennis van Jesus, en dit bring keer op keer nóg intiemer kennis van Jesus. Sodoende leer jy Hom intiem-persoonlik ken en kry jy al meer deel aan Sy Goddelike natuur.

Hoe leer 'n blinde persoon sy omgewing ken? Deur te gaan sit en dink daaroor? Nee, beslis nie! Hy ondersoek elke vertrek duim-vir-duim, bevoel elke ding, meet sy treë af tussen verskillende voorwerpe en vorm vir hom 'n prentjie in sy gedagtes van die presiese detail van die plek. Hy leer met ander woorde die omgewing uit

sy kop ken sodat hy nooit hoef te verdwaal of struikel nie.

Op presies dieselfde wyse moet ‘n gelowige óók so prakties sy geloofsomgewing leer ken deur te ondersoek, meet, bevoel en geheueprentjies vorm sodat hy te alle tye weet waar hy staan. So moet jy byvoorbeeld duidelikheid kry oor presies waar jy staan in sekere geloofskwessies. Soek antwoorde en doen kennis op daaroor, sodat wanneer jy daarmee gekonfronteer word, dit jou nie sal verwar nie.

Is daar ooit voordele in só ‘n

geloofsverryking?

Beslis ja, want in die eerste plek versterk dit jou geloofsekerheid. Ek het al dikwels ‘n gelowige hoor vra: “Hoe weet ek of ek werklik uitverkies is?” Jou Godvrugtige lewe is alreeds ‘n bewys daarvan. As daar nie sprake is van spiritualiteit in jou lewe nie, mag daardie tergende vraag dalk vir jou in die lug hang……!

Dan is daar ook nog die kwessie van geloofs-vastigheid. Daardie spiraal van geloofsverryking maak jou sterk sodat jy lastige versoekings beter kan hanteer,

en sodoende al hoe minder sal swig voor allerhande sondige begeertes.

Verder gee geloofsverryking jou ‘n geloofsvisie, ‘n opgewonde uitsien na die wederkoms van Jesus Christus. Dit maak dat jy nie meer die dood vrees nie, want jy sien uit na ‘n vrye en wonderlik-feestelike toegang tot die ewige Koninkryk. Wat ‘n fantastiese fees om na uit te sien! Inderdaad is dit fantasties, dog beslis nie ‘n fantasie nie! Dit is ‘n heerlike werklikheid wat deur God aan ons beloof is!

Haal die blinddoek af en maak jou oë oop! Laat dan toe dat daardie geloof van jou blom!

Gebed:

Dankie Here, dat U ook die blinddoek van my oë afgehaal het. Maak my asseblief Godvrugtig leergierig vir U Woord.

25

Woensdag 14 Desember

## Laaste Versugting

## 2 Petrus 1:12-21

**VIDEO * OUDIO**

Jare gelede sien ek eenmaal ‘n fliek wat begin met die een of

ander boef wat sy rieme styfgeloop het weens loodvergiftiging toe hy te veel lood ingekry het uit ‘n polisieman se pistool. Hy het ‘n fabelagtige klomp geld geroof, maar hy het nooit vir iemand vertel wat hy daarmee gedoen het nie. En daar lê die kêrel op ‘n klipkoppie, besig om te hyg na sy laaste bietjie asem. Die polisieman is binne sekondes by hom, en begin hom aanpor oor waar hy die geld weggesteek het. Voor jy kan sê: “Sikspens!” staan daar ‘n kring van gierige belangstellendes rondom die

sterwende man, almal met slegs één begeerte: om te hoor van die fortuin. Hy lig sy hand floutjies, en dan sak daar ‘n doodse stilte toe. Hy begin verduidelik wat hy met die fortuin gedoen het, baie kripties, en almal hang oor hom om beter te kan hoor. Dit is bitter belangrike dinge wat hy daar in sy vinnig-kwynende asempie prewel, die laaste dinge wat hy ooit in sy lewe sou sê. Toevallig staan daar ‘n blik emmer, en die volgende oomblik gee die man sy laaste stuiptrekkings en skop die emmer dat hy teen die randjie

afrol. Morsdood! En die malle jaagtog na die fortuin begin!

Die laaste dinge wat ‘n man sê net voor sy dood was in Petrus se jare van uiterste belang, en dit is neergeskryf om sy voortgesette invloed selfs ná sy dood te verseker. In die storietjie hier bo het die man se lewe uit net een ding bestaan: om te steel. Sy laaste woorde se invloed op die omstanders het ook net een ding tot gevolg gehad: gierigheid.

Kyk ons egter na Petrus se lewe, dan sien ons ‘n man wat ‘n kosbare erfenis agterlaat. Die wonderlike inspirasie wat

ons uit sy lewe kan kry is onskatbaar. Petrus het besef dat sy einde baie naby is, want Nero soek sy bloed. Petrus wil dus baie seker maak dat sy lewe onthou sal word. Nee, dit is nie ‘n selfsugtige versugting nie, want uit sy lewe is daar soveel dinge van onskatbare waarde vir enige gelowige om te leer. Hy het dinge beleef wat min mense óóit beskore was. En anders as die verhaaltjie hier bo, is dit beslis nie net ‘n storie nie, maar ’n ware lewensverhaal.

Dinge waarvan ons vandag net kan lees, het Petrus

persoonlik, eerstehands beleef. Daardie dag toe Jesus deur die Vader verheerlik is, en die stem van God die Vader uit die hemel weerklink het, toe Hy gesê het: "Dit is My geliefde Seun oor Wie Ek My verheug!" Petrus was persoonlik daar! Hy het oopmond staan en kyk toe hierdie Godsverskyning hier vlakvoor sy oë plaasvind. Petrus was een van slegs drie mense wat die asemrowende voorreg gehad het om daardie ervaring te beleef, toe Moses en Elia uit die hemel verskyn het, eeue na hulle dood. Natúúrlik durf Petrus nie stilbly

oor hierdie dinge nie, en baie beslis moet dit oorgedra word van geslag na geslag sodat die ganse wêreld sal kennis neem daarvan!

Die getuienis van ‘n ooggetuie was in daardie jare as van uiterste belang beskou. Dit was ‘n betroubare getuienis! Vandag is dit beslis nog steeds so. As Petrus, as ooggetuie van die asemrowende gebeurtenis op die berg se getuienis in ag geneem word, dan het ons geen ander keuse as om te glo dat Jesus God is nie.

Petrus was ook by toe Jesus

vir die mense gesê het: “Ek is die Lig vir die wêreld.” Ai, sou die lewe nie piknagdonker gewees het vandag, as Jesus nie die Lig in ons lewe was nie, en ons Verlosser was nie? Misdaad - moord, roof, verkragtings, korrupsie, oorloë en nog baie meer, is genoeg om enige ongelowige te laat ineenkrimp van wanhoop. En wat van die dinge waaroor ons geen beheer het nie, soos die huidige klimaatskrisis wat dreig om die aarde te verswelg. Die oorstromings, orkane, droogtes, besoedeling, sinkgate wat die aarde insluk.

Vroeër vanjaar was dit byvoorbeeld die oorstromings in KwaZulu-Natal, en die afgelope week weer Johannesburg! In Petrus se tyd was daar Nero, moontlik die wreedste monster in die geskiedenis. Die verskrikking en dood wat hy gesaai het was angswekkend!

Petrus het egter by Jesus geleer van die Lig. Wanneer hy hierdie brief in die skadu van die dood skryf, is hy jubelend, en propvol blydskap en hoop. Hy het daardie wonderbare lig in sy lewe, en beslis sal dit hom deur die pikdonker nag

dra totdat die Blinkende Môrester met die dagbreek verskyn. Dit is die wonderlike dag wanneer Jesus in glansende lig terugkom vir Sy kinders.

Petrus se laaste woorde is dus nie vol smart, pyn, angs of selfs hooploosheid as hy wag op sy grusame marteldood nie, maar propvol hoop, verwagting en blydskap. Wat 'n wonderlike inspirasie om elkeen van ons deur die donkerste tye te dra. Dit is dus nie nodig vir jou om in die donker voort te ploeter as die laste van die lewe ondraaglik begin raak nie. As

die dood jou in die oë staar, of as alles net eenvoudig te veel raak vir jou, wéét dan dat alles hier op aarde net baie tydelik en verganklik is. Die wonderbare lig van die splinternuwe lewe saam met Jesus skyn alreeds helder!

Kom ons luister dus na Petrus se woorde en volg sy voorbeeld na!

Gebed:

Dankie vir hierdie bemoedigende boodskap van Petrus, Here. Hou my asseblief op U regte pad!

26

Dinsdag 3 Januarie 2023

**Die Lewende Woord**

**2 Petrus 1:16-21**

**VIDEO * OUDIO**

Iemand sê eendag vir my dat sy nooit óóit uit die Ou Testament lees nie: “Dis tog net propvol geweld, bloedvergieting en gruwelike stories! Maar die Nuwe Testament, dis dan mos van Jesus se liefde!” Nee, sy stel gladnie belang om die Ou Testament te lees nie, en sy weier selfs om te luister na my redenasies oor hoe belangrik

die Ou Testament is, en dat dit deel van God se Woord is.

Ja, ons kan haar maklik veroordeel en sê: "Dom vroumens!" Maar wanneer ons die Bybel oopmaak om stiltetyd te hou, waar val hy gewoonlik oop? By die Nuwe Testament. Dan kan ons mos nie oordeel nie!

Ons sien in hierdie gedeelte wat Petrus skryf, hoe belangrik die Ou Testament werklik is vir gelowiges. Dit is beslis nie maar net bedoel vir die Jode van ouds nie. Ek het met groot huiwering 'n paar jaar gelede een van die Ou Testamentiese

boeke gebruik vir ‘n reeks dagstukkies. En was ek aangenaam verras! Sedertdien het ek alreeds 15 van die Ou Testamentiese boeke vir dagstukkie-reekse gebruik, en elkeen was vir my ‘n openbaring!

Petrus wil vir sy lesers die feit oordra dat die dinge wat hy in hierdie brief belowe nie maar net storietjies is nie, maar dat dit die reine waarheid is. Sy uitgangspunt is die boodskap van die Ou Testamentiese profete. Elke gelowige kan hierdie dinge nagaan. Lees maar gerus wat Jesaja geskryf

het oor die Messias, honderde jare voor die koms van die Heiland. Maar Jesaja is nie die enigste nie, feitlik al die boeke van die Ou Testament wys op die een of ander manier na die belofte van die Messias wat moes kom om die verlorenes te red.

Ja, inderdaad is daar dinge in die Ou Testament wat ‘n mens laat gril! Sommige dele behoort moontlik selfs ‘n ouderdomsbeperking op te hê! As ons nie versigtig is nie, kan ons dalk vir God sien as ‘n God van oorlog en bloedvergieting in sommige verhale.

Daar is egter ‘n geheim in die lees van die Ou Testament, en dit geld ewe veel ook vir wanneer jy die Nuwe Testament lees. Jy moet die Heilige Gees toelaat om jou die ware boodskap te laat raaksien, selfs in die dele waar geweld seëvier.

Dit is baie belangrik dat ons moet weet teen watter agtergrond ‘n spesifieke gedeelte geskryf is, en watter boodskap die skrywer, onder leiding van die Heilige Gees vir sy lesers wou oordra. Om ‘n voorbeeld te gebruik: Die Israeliete was tydens die

ballingskap totaal platgeslaan. Hulle is weggevoer uit hulle land, en hulle is ballinge in ’n vreemde land. Dan praat die skrywers van die Genesisverhaal hulle moed in deur te vertel waar alles vandaan kom - dat God die Skepper is van alles. Later in die verhaal verduidelik die skrywer van Abraham, en dat God die land aan hom en sy nageslag gegee het. Hy skryf van Isak, Jakob en Moses, en hoe die land uiteindelik ingeneem is. En regdeur dit alles maak hy dit baie duidelik dat dit nie die volk se goeie

vegters, hulle wysheid en Godsdienstigheid is nie, maar slegs God se genade wat aan hulle die land besorg het. En daardie land is steeds hulle s'n! Hierdie gebeure is beskryf, in sommige gevalle selfs duisende jare nadat dit plaasgevind het.

Maar wat het dit nou met ons vandag te doen? Die wonder is dat daardie geskrifte deur die Heilige Gees geïnspireer is, en dat dit tydloos is. Vandag is die boodskap wat ons daaruit kry anders as die boodskap aan die oorspronklike lesers, maar dit is steeds nét so relevant,

omdat ons dit vandag lees deur die bril wat die Heilige Gees ons gee.

Petrus het egter ook ‘n ander troefkaart wanneer hy hierdie wonderlike boodskap aan sy lesers oordra: hy was ‘n ooggetuie! Ja, inderdaad het hy Jesus persoonlik geken! Hy het vir ‘n volle drie jaar elke dag saam met Jesus deurgebring en hy het al daardie wonderwerke, die preke en die gelykenisse beleef. Hy was selfs een van die bevoorregtes wat daar saam met Jesus op die berg van verheerliking was, waar

hulle die stem van God uit die hemel gehoor het: “Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug.” En by daardie geleentheid het die Ou Testament en Nuwe Testament bymekaar gekom toe Moses en Elia daar aan hulle verskyn het. Hy het dit met sy eie twee oë aanskou! Hy kan getuig dat dit die reine waarheid is!

Petrus het nie hierdie brief geskryf vir my en jou vandag nie, maar vir die mense van sy eie tyd. Hulle het gebukgegaan onder groot verdrukking. Boonop was daar dwaalleraars wat hulle allerhande verkeerde

dinge wou leer. Dit was 2000 jaar gelede. Maar weereens was die Heilige Gees Petrus se inspirasie. Dit het gemaak dat daardie brief totaal tydloos is sodat ek en jy vandag nét soveel waarde daaruit kan put as Petrus se eerste lesers tydens Nero se regering.

Petrus sluit die hoofstuk af met twee uiters belangrike stellings: Eerstens, dat die Skrif ontstaan het deur die Heilige Gees se inspirasie. Tweedens, dat ons slegs die Bybel kan verstaan wanneer ons toelaat dat die Heilige Gees dit vir ons uitlê.

Gebed:

Here, dankie vir U Heilige Woord wat vandag steeds lewendig en relevant is.

27

Woensdag 4 Januarie

# Ware Vryheid

# 2 Petrus 2

**VIDEO * OUDIO**

Ek lees vanoggend 2 Petrus 2 deur, en my eerste reaksie was om naderhand vir ou Petrus te wil skree: “Hokaai! Stop! Jy kasty my! Petrus, jy klink bitter omgekrap! Watter verskriklike onreg het gemaak dat jy so te velde trek?” En toe trek ek die Bybellennium nader: die kommentaar sê dat jy eers 2 Pet. 3:4 moet lees om mooi reg te verstaan waaroor die bohaai

gaan. Die vraag word gevra: "Wat het geword van die belofte van Sy koms? Sedert die vaders ontslaap het, bly alles steeds soos dit van die begin van die skepping af was." Petrus haal die vraag van die dwaalleraars hier aan.

Jesus het in Mat. 24:34 gesê: "Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal alles gebeur." Sommige Christene het toe sommer aangeneem dat Jesus se wederkoms in hulle leeftyd sou plaasvind. Hulle het egter nie mooi besef waarvan Jesus éintlik gepraat het nie. Hy het verwys na Sy opstanding,

hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees. Die gevolg was dat sommige gelowiges opgehou werk het en net sit en wag het op die wederkoms. Paulus moes hard met hulle praat daaroor (1 Tes. 4:11 en 5:14). Toe die mense egter begin besef dat die wederkoms nie sou plaasvind in hulle eie tyd nie, het sommiges begin twyfel.

Met hierdie as agtergrond, kan ons dalk nou beter verstaan waarom Petrus so te velde trek. Hierdie mense het ‘n maklike prooi geword vir die dwaalleraars met allerhande

stories oor die wederkoms. Eintlik het hulle ‘n verskuilde agenda gehad: hulle wou mense finansieel uitbuit! Dit gebeur vandag nog steeds! Jy onthou seker nog hoe doemprofete allerhande teorieë versprei het oor die einde van die wêreld toe die nuwe millenium aanbreek in 2000? Tradisionele kerke was verkleineer en bespot! Ja, en toe gebeur dit nie! Talle mense is verlei deur vals profete, en toe dinge nie uitwerk nie, het mense verval in ‘n wêreldse “eet en drink en wees vrolik!” Meer onlangs was daar die

berugte “Doom Profeet” wat sy lidmate met Doom in die gesig gespuit het!

Diegene wat mense verlei met hulle dwaalleer moet egter weet dat hulle dade nie ongestraf sal bly nie. God is liefde, en ons het al telkemale gesels oor Sy vergifnis van sonde. Ons moet egter ook rekening hou met die heiligheid van God, en dat daar so ‘n ding soos God se oordeel is. Petrus noem etlike voorbeelde van die verskriklike oordeel wat mense kan tref as hulle God se liefde versmaai. Die straf vir die hardkoppige ongelowige is

‘n verskriklike werklikheid!

Aan die ander kant is daar natuurlik ook die troos van God se redding vir hulle wat glo. Hierdie is eweneens ‘n groot werklikheid! Sodom en Gomorra (die ongelowiges) is getref deur God se oordeel, maar Lot (die gelowige) is daaruit gered. Net so is Noag gered uit ‘n see van ongelowiges.

‘n Toekomsverwagting bepaal hoe ‘n mens optree. As jy oorlog verwag, bewapen jy jouself. As jy glo dat jou dood die einde van die paadjie is, dan lewe jy sodanig, en jy

verloor alle respek vir die geestelike dinge, want wat help dit tog? Oordaad en wellus word kenmerke van jou lewe. Geld word die groot god in jou lewe, en jy sal alles doen daarvoor, maak nie saak wie in die slag bly nie. Ons sien dit daagliks in die politiek! Alles word net 'n vrugtelose gejaag na wind. Ja, dít is wat gebeur as jy vergeet dat Jesus weer kom. Dit is uiters gevaarlik! Gaan sit vandag, hier aan die begin van die splinternuwe jaar 2023 'n rukkie stil en bepeins jou toekomsverwagting. Is Jesus se wederkoms vir jou 'n

lewendige werklikheid? Leef jy daarvolgens? Inderdaad kan dit dalk nog ‘n duisend jaar neem, maar Hy kan ook vandag of môre kom! Hy gaan nie twee weke kennis gee nie! Is jy gereed?

Die vraag is: Watter invloed het dwaalleraars op gelowiges? Sonde is aansteeklik! Om in die verkeerde vriendekring te beweeg, kan jou baie maklik verlei om in dieselfde dinge as die ongelowiges te verval. Petrus gebruik die begrip “vryheid,” wat so maklik verkeerd verstaan kan word. Vir die ongelowige beteken

vryheid om te maak net wat jy wil, en dat niemand vir jou sal voorskryf wat om te doen nie. Hierdie is egter ‘n valse vryheid, en baie vinnig word jy ‘n slaaf van jou eie vryheid as jy in die kettings van jou sondige begeertes verstrengel raak. Drank, seks, dwelms, dobbelary, pornografie, mag en Mammon, die geldgod kan enigeen oorrompel. ‘n Gelowige kan só maklik deur hierdie selfde goed ingeslurp word as hy met verkeerde mense omgaan.

Maar wat is ware vryheid? Vir die gelowige beteken vryheid

om vry te word van die bande van sonde. Dit beteken om die kettings van sondige begeertes te verbreek. Dit is om te weet dat Jesus vir jou sondes betaal het en dat jy nie meer hoef te doen wat jou sondige natuur vir jou voorskryf nie. Met God se genade en krag kan jy as gelowige jou lewe inrig volgens Bybelse maatstawwe, en daarin ‘n vervulde lewe van ware vryheid ontdek, vryheid om as God se kind te leef; vryheid om God se kosbare gawes te erf.

Gebed:

Dankie dat U my waarlik

vrygemaak het, Here. Bewaar my asseblief daarvan dat ek ooit daardie kosbare vryheid sal prysgee.

28

Donderdag 5 Januarie

# Om te Wag.......

# 2 Petrus 3:1-9

**VIDEO * OUDIO**

Het jy al ooit nodig gehad om te sit en wag dat iets moet gebeur? Maar natúúrlik het jy! Elkeen van ons moes al ‘n frustrerende uur, soms nog langer, in ‘n dokter se spreekkamer sit en wag. In ‘n staatshospitaal of kliniek is dit nog véél erger.

Ek word eenmaal afgevaardig om die een of ander vergadering by te woon. Ek

was gewaarsku om nie laat te wees nie! Veertig minute nadat die vergadering moes begin, het die voorsitter uiteindelik opgedaag, maar toe was sy honger, en sy móés eers iets eet. En ons het gewag! ‘n Halfuur later word ons meegedeel dat ons stééds nie kon begin nie, want die media was nog nie daar nie! Na nóg ‘n uur se wag, het ek gemompel dat my vrou in kraam was en ek het geloop! Frustrasie!

Daar was sékerlik nog meer frustrerende wagtydperke in jou lewe. Seker die mees

senutergende een is die bruidegom wat in die kerk wag vir sy bruid wat áltyd laat is. Het sy nie dalk koue voete gekry nie? Het daar nie dalk iets verskriklik met haar gebeur op pad kerk toe nie?

Die wagtyd waaroor ons egter vanoggend gesels is een wat al tweeduisend jaar duur. En sommige mense raak bitter ongeduldig en dikwels baie skepties hieroor: Jesus se wederkoms! En die wêreld waarin ons wag maak dit nie juis makliker nie!

Gelowiges leef vandag in 'n wêreld deurspek met

ongelowiges. Ons kan ons egter nie gaan afsonder en saam met ‘n paar gelowiges in ‘n klooster opsluit nie, want dan verloor jy totaal die doel van jou lewe! God wil juis hê dat ons hier tussen die ongelowiges bly om Sy lig te versprei in die donker wêreld rondom ons. Dit verg ongelukkig van ‘n gelowige om katvoet deur die lewe te loop, want ongelowiges se gedrag, lewe en standpunte kan só maklik jou eie beïnvloed as jy nie baie waaksaam is nie. Nét so kan jóú gedrag dalk nét ‘n ongelowige wat ontvanklik is

vir die Woord, die boodskap gee dat dit beter is om liewer ongelowig te bly!

In hierdie bose wêreld waarin ons leef, moet ons daagliks luister na die ligtelike gespot oor ons geloof en oor die wederkoms van Jesus. Intussen leef hulle van partytjie na dronkpartytjie waar onsedelikheid hoogty vier. En as hulle met die Woord gekonfronteer word, dan word dit weggelag of gevloek, en die Christelike geloof word verkleineer. Selfs in die koerante, tydskrifte en sosiale media word ons deesdae

gebombardeer met Godslasterlike uitsprake en artikels. Dan hoop hierdie goddelose mense heimlik dat die wederkoms nooit sal plaasvind nie, want dan word hulle dade ontmasker!

Die vraag is egter waarom dit vir ons nodig is om nog te wag op die wederkoms? Is dit werklik nodig om dit so lank uit te rek?

Toe Petrus hierdie brief geskryf het was die mense al moeg gewag vir daardie belofte om in vervulling te gaan. Veertig jaar het reeds verbygegaan sedert Jesus se hemelvaart. Wanneer

sou dit dan gebeur? Daardie veertig jaar het intussen gerek na ‘n volle tweeduisend jaar. Waarom?

In die eerste plek moet ons onthou dat God in die ewigheid woon, anders as ons mense wat behep is met tyd. Wat is ewigheid? Hoe lank is dit? Volgens die oerknal-teorie het die heelal soos ons dit vandag ken reeds 15 duisend miljoen jaar gelede ontstaan. Is dit hoe lank ewigheid is? Nee, ewigheid is nie maar net ‘n verskriklike lang tyd nie! Dit is eerder ‘n totale afwesigheid van tyd. Een dag is immers vir

God soos ‘n duisend jaar, en ‘n duisend jaar soos een dag! As my seun, Jaco, voor my rekenaar inskuif en my gerusstel met: “dit sal net twee minute vat Pa”, dan weet ek al dat ek maar rustig ‘n koppie koffie kan gaan drink en eers die koerant lees, want hy het g’n begrip van tyd nie! Nét so het ons absoluut géén begrip van Goddelike tyd nie, want ons leef in verskillende wêrelde. Oor Jesus se wederkoms kan ons dus nie sê: “Dit raak nou laat!” nie, want ons verstand is hopeloos té beperk daarvoor.

Waarom dit dan so lank vat? Waarom stel God die wederkoms uit? Genade! God wil hê dat ek en jy gereed moet wees vir Sy koms. Ons is immers die bruid van Jesus, en as Bruidegom wil Hy die bruid sprankelend hê - lees gerus wat Openbaring 19:7,8 hieroor sê! Hoe sou dit nou lyk as die Bruidegom kom, en die bruid is nog nie gereed nie?

Hoe maak die bruid gereed? Deur “regverdige dade” (Op. 19:8). God gun ons hierdie wagtyd om nog gereed te maak. Dink maar waar jy in die wagtyd nog iewers liefde kan

betuig, iemand vergewe, verskoning vra, ‘n sonde in jou lewe uitsmyt, meer leer van die Bruidegom, ander mense inspireer om deel van die bruid te word. Inderdaad stel God die wederkoms uit sodat elkeen, élke ongelowige die kans kan kry om gered te word. Dit plaas ‘n soveel groter verantwoordelikheid op elke gelowige se skouers om die evangelie uit te dra. Is dit dalk oor daar nog soveel gedoen moet word in en deur my lewe dat Jesus se terugkeer nog nie plaasgevind het nie?

Gebed:

Here, wys my asseblief wat ek alles nog moet doen om gereed te maak vir U wederkoms.

29

Vrydag 6 Januarie

**Die Einde?**

**2 Petrus 3:10-18**

**VIDEO * OUDIO**

Desember 2012 - die einde van die wêreld - só het die doemprofete dit voorspel! Die Maya-kalender stop daar, en daarna is daar niks meer nie. Desember 2012 het stadig nader gekruip, en met ‘n groot beklemming om die hart het baie mense die einde afgewag. Die een of ander sterrekenner het beweer dat daar ‘n “onsigbare” planeet met die

naam “Wormwood” was wat baie naby die aarde verby sou gaan. Dit sou in Desember 2012 naby genoeg aan die aarde wees om die aarde se swaartekrag totaal te ontwrig en totale chaos te veroorsaak. Toe hy gevra is waarom daar dan geen waarskuwing van die sterrekundiges is nie, was sy antwoord dat almal die dood voor die oë gesweer is om stil te bly, want dit sal paniek veroorsaak.

Desember 2012 het gekom en gegaan, tien jaar gelede al, en niks het gebeur nie!

Kan ons enigiets glo van

hierdie soort voorspellings? Daar was al talle soortgelyke gevalle, soos byvoorbeeld die paniek van 2000. Jesus se uitspraak hieroor was dat nie eers die engele weet wanneer die wederkoms is nie! Slegs God weet. Dit sal totaal onverwags kom, en dit sal baie groter wees as daardie katastrofe waarvan die doemprofete praat.

Petrus sê dat die wederkoms sal gebeur wanneer ons dit die minste verwag, soos wat ‘n dief in die nag toeslaan. En dan gaan alles soos ons dit vandag ken vernietig word. Alles sal

letterlik in ‘n wolkie rook verdwyn.

Ons natuurlike reaksie is: “Maar dit kan mos nie! Kyk dan die wonderlike skepping! Alles is so volmaak en mooi! Hoe kan God dit sommer vernietig?”

‘n Mens klou nostalgies vas aan sekere dinge wat vir jou groot sentimentele waarde het. Nogtans is alles so verskriklik verganklik. ‘n Dokumentêr oor koraalriwwe het ‘n beklemming om my hart gesit toe ek sien hoe reuse koraalriwwe besig is om totaal tot niet te gaan as gevolg van

klimaatsverandering. Die eens kleurvolle koraal wat lewe verskaf aan miljoene der miljoene seediere, is nou grys en dood, en bitter min seediere kom nog daarheen. Ons is besig om ons planeet te versmoor met ons besoedeling, en oral waar jy kyk sien jy die vrugte daarvan, of ten minste die gebrek aan die vrugte! Dit is nie net die see wat besig is om plek-plek dood te gaan nie, maar op land sien ons dit ook. Die vernietigende vloede die afgelope jaar het net weereens gewys hoe verganklik alles is.

En dit raak al erger!

Dan is daar ook die groot kommer in ‘n mens se hart oor die pragtige woude wat besig is om te verdwyn as gevolg van die mens se honger na hout. En die vleilande wat vernietig word en ons riviere en damme wat vergiftig word deur mynbedrywighede en riool. Gedurig word ons gedreig met dinge soos hidrobreking, gasontginning aan die kus, nuwe steenkoolmyne reg langs wildreservate ens.

Nogtans is dit vir die gelowige nie alles verlore nie. Tydens die Wederkoms gaan alles

totaal vernietig word, verbrand word tot as, en in die plek daarvan gaan ‘n splinternuwe hemel en aarde geskep word. Romeine 8:18-23 beskryf dit so mooi as ‘n geboorteproses wat gepaardgaan met pyn en angs, maar die uiteinde is die wonder van ‘n nuwe lewetjie! Die nuwe word as’t ware uit die oue gebore!

Ons moet onthou dat daar baie meer in die lewe is as die mooi natuurskoon en die verganklike skepping. Hierdie is tydelike dinge. Die belangrike is die dinge van ewigheidswaarde, wat nooit, óóit sal vergaan nie.

Dit is daarom dat Petrus ons vermaan om “vlekkeloos en onberispelik” te lewe. Ai! Dit voel na so ‘n absoluut-onbereikbare ideaal. Geen mens kan óóit sodanig lewe nie, en daarom is baie gelowiges bang vir Jesus se wederkoms.

Dit is egter hiér waar jy jou geloof vir jou moet laat werk, want ons moet besef dat ons vlekkeloosheid en onberispelikheid in die eerste plek van Jesus afhang. Dit is immers Jésus wat vir ons sondes betaal het, en as ons hierdie feit in geloof aanvaar,

kan ons vir ewig in vrede met God leef. Uit dankbaarheid hiervoor gaan ons dan nie maar net agteroor sit nie, maar toelaat dat die krag van die Heilige Gees deur ons werk om ons vroom aan God toe te wy. En ons doen dit met al hoe meer ywer omdat ons sien dat die dag van Jesus se wederkoms al hoe nader kom.

Ons het gesien hoe Petrus klem lê op goeie werke. Ons weet ook hoe Paulus klem lê op genade alleen. As jy die bogemelde paragraaf in gedagte hou, dan hoef hierdie twee denkrigtings nooit vir jou

‘n teenstrydigheid te wees nie, want dit kan net eenvoudig nie anders nie as dat ware geloof in die genade jou tot dade beweeg .

Petrus sluit sy brief af deur te sê dat, deur te groei in jou geloofskennis van Jesus, jy toegerus sal wees om vas te staan in jou verwagting van sy terugkeer. Ja, só sal jy Jesus se Naam verheerlik, nie alleen nou nie, maar ook wanneer Hy terugkom, en jy jou heerlike erfenis ontvang!

Gebed:

Here, gee my asseblief die krag en ywer om só te leef dat

ek enige oomblik gereed is vir U koms.